# H O O F S T U K   E E N

## PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING

A. Die noodsaaklikheid van kennis van huidige toestande in die samelewing in soverre dit die opvoeding betref.

(1) Die verband tussen samelewing en opvoeding.

Die samelewing is 'n konkrete uitvloeisel van die lewensopvatting. Tussen godsbeskouing, mensbeskouing en lewensbeskouing is 'n onverbreekbare band. Die mensbeskouing is onlosmaakbaar verbonde aan die godsbeskouing; hoe 'n mens oor homself dink, bepaal sy houding ten opsigte van die samelewing en sy opvoedingsdoel. 'n Studie oor die opvoeding sal dus vanselfsprekend met genoemde ander twee kennisgebiede rekening moet hou: hierdie gebiede is met mekaar verstrengel, hulle is onderskeibaar maar nie skeibaar nie. Die opvoeding raak elke aspek van die menslike bestaan en is derhalwe gemoeid met die omgewings- en tydsomstandighede waarin die kind opgroei.

(2) Die milieu as opvoedingsmiddel.

In die opvoedkunde word die kind hoe langer hoe meer onafskeidelik van sy omgewing gesien. Die opvoeding is 'n dialogiese situasie, 'n proses van wisselwerking. "Die wese van menslike eksistensie bestaan in kontak met sy landskap, sy wêreld. Die mens is in voortdurende dialoog met sy landskap - die mens gaan uit om die wêreld te ontmoet en deur die wêreld ontmoet te word. Hy vergeet homself en ontdek sy beperkinge aan die wêreld, dus daar waar hy in kontak met sy landskap tree." 1)

Nie alleen met mense is die kind in kontak nie, maar met alles wat deel van sy milieu vorm. Alles werk op hom in, spreek hom aan, en in die mate dat hy positief daarop antwoord, word hy verantwoordelik, word hy volwasse, benader hy die verwerkliking van die mens wat hy kan wees. Die mens word in die huidige psigologie, en derhalwe ook in die opvoeding wat van psigologiese insigte gebruik maak, nie meer gesien as 'n enkeling "in contact ... met de hem vreemde objecten en met andere, evenzeer in zichzelf besloten mensen, maar als een wezen, dat zich primair én steeds door

---

1) Gouws, S.J.L.: Die antropologies-pedagogiese agtergrond van ortodidaktiek, p. 2.

verwerkelijkt in een wereld van al dan niet vertrouwde dingen en voorvallen en in het contact, dat hij met anderen onderhoudt. De mens ex-sisteert, dat wil zeggen hij is nooit 'alleen', hij is steeds met en bij de dingen, met en bij anderen, hij is steeds 'elders' ... Hij is geen in zichzelf besloten ding, geen biologisch gegeven, geen lichaam zonder meer, hij is contact: een voortdurende dialoog met de ander, met de dingen, met God - en vanuit deze dialogen noodzakelijkerwijze met zichzelf." [1])

Die opvoeder moet derhalwe rekening hou met die milieu waarin die kind lewe. Die begrip milieu omvat die deurleefde omgewing, ongeag of die deurlewing bewus of onbewus geskied, en is ook histories bepaal. [2]) Waar die milieu krisiskenmerke dra, soos die huidige, is grondige kennis daarvan, en veral van die beginsels wat daaraan ten grondslag lê, des te noodsaakliker. Die milieu is 'n opvoedingsfaktor waarvan die belangrikheid nie gemeet en ook nie oorskat kan word nie. Die kind is onderweg na volwassenheid, en in sy milieu vind hy benewens natuur- en kultuurgoedere persone wat vir hom die konkrete verwerkliking is van wat die gemeenskap waardevol ag en wat die ervaring van die lewe waardevol bewys het. Deur die kind se identifikasie met die voorbeeld van volwassenes in sy landskap vind kultuuroordrag plaas.

(3) Die milieu as middel tot kreatiewe opvoeding.

Opvoeding behels egter nie slegs die oordrag van kultuur nie, maar is ook kreatief van aard. Die mens skep in toenemende mate self sy omgewing en sodoende het die opvoeding 'n vormende invloed op die toekoms: die mens werk in die lig van sy opvoeding mee om omstandighede te skep wat weer op hom en sy nakomelinge sal inwerk. Alhoewel opvoeding nie almagtig is nie en slegs één van die milieuskeppende faktore is, laat dit op onmiskenbare wyse sy afdruk op alle menslike verhoudinge. Daardeur is 'n studie van huidige toestande in die samelewing vir die opvoeder waardevol as 'n toets van die sukses wat die opvoeding van die onlangse verlede behaal het. Dit sou geregverdig wees om aan te neem dat krisisomstandighede daarop dui dat die opvoeding sy beoogde doelwitte nie ten volle bereik het nie. Huidige omstandighede kan met ander woorde in 'n sekere mate as maatstaf van die opvoedingsukses van die verlede dien. Dit beteken egter nie dat die opvoeding volle verantwoordelikheid vir bestaande toestande

---

1) Van den Berg, J.H.: Kroniek der psychologie, p. 9.
2) Perquin, N.: De pedagogische verantwoordelijkheid van de samenleving, p. 102.

dra nie: opvoeding is immers maar één van baie kragte wat die samelewing help vorm. Dit is egter een van die belangrikste middele wat die mens bewus aanwend om die samelewing te reël.

Ook met die oog op die toekoms moet die opvoeder derhalwe kennis dra van huidige omstandighede. Omdat die milieu so 'n belangrike opvoedingsmiddel is, moet die opvoedkundig-waardevolle daarin geselekteer, versterk en daadwerklik in die opvoedingspraktyk betrek word. Andersyds moet die skadelike aspekte so ver moontlik uitgeskakel of geneutraliseer word deur die kind doelbewus daarteen te bewapen.

(4) Opvoeding as toekomsgerigte aktiwiteit.

Die opvoeder bestudeer die kultuur van die verlede om daaruit 'n keuse te doen van wat waardevol is en dit as leerstof aan die kind oor te dra. Hy selekteer egter slegs daardie kultuurgoedere wat hy ook vir die toekoms van waarde beskou. Die opvoeding is, soos die religie, toekomsgerig en normatief bepaald. [1] In die huidige metastabiele samelewing stel hierdie aspek van die opvoeding hoë eise aan die opvoeder. 'n Veranderende milieu bring veranderende lewensdoeleindes mee. Die kind moet opgevoed word vir volwassenheid in 'n samelewing wat in baie opsigte nou nog nie bestaan nie. [2]

Om die kind vir die toekoms op te voed, vereis dat die opvoeder 'n beeld sal kan vorm van die komende samelewing en kultuur. Deur in die toekoms te skou, reik die mens bo homself uit: hy roep die nog-nie-synde tot lewe. Nou ontstaan die vraag of hierdie grensoorskryding moontlik is. Die misterie van die toekoms is vir die mens nie alleen onbekend nie, maar prinsipieel onkenbaar. Hoe sou die mens tevore kan weet wat nog afhang van God se wil, sy ingryping en genade? [3] Nietemin is tydige voorkennis binne grense moontlik. Vir die gelowige is dit trouens geen heiligskennis nie, maar dure plig om God se heilsplan te probeer deurgrond. Religie is die gelowige sprong in die onbekende wat aan die mens sy taak openbaar. [4] Ook vir die nie-gelowige is daar uit huidige omstandighede en gebeure neigings af te lei wat hom in staat stel om in breë trekke die komende samelewing te voorspel en dienooreenkomstig op te voed.

---

1) Vgl. Polak, F.L.: De toekomst is verleden tijd I, p. 9.
2) Murphy, G.: De geestelijke evolutie van de mens, p. 308.
3) Polak: Loc. cit.
4) Ibid., p. 10.

Een van die mees algemene metodes om 'n aanduiding van moontlike toekomstige ontwikkelinge te kry, is om huidige gebeure teen die agtergrond van die geskiedenis te bestudeer. Geskiedenis is die verhaal van die mens se antwoord op sy omgewing en sy aangesprokenheid; uit die geskiedenis - en die nog gebeurende geskiedenis - kan sekere algemene neigings en antwoordwyses abstraheer word. Dit behels vanselfsprekend slegs enkele rigtinge in die historiese ontwikkeling. Die globale voorspelling van 'n onvermydelike toekoms oorskry die moontlikhede van die menslike verstand. 1)

Dit is dikwels moeilik om uit die kaleidoskopiese veelheid van die hede die essensiële van die toevallige te onderskei, en daarom bestaan die neiging om tendense in die geskiedenis na te spoor en via die hede na die toekoms te projekteer. Die historikus wil homself in sy voorouers herken, hy wil bewus word van wat hy self is deur te ontdek wat ander was. 2)

In hierdie studie sal eerstens 'n beknopte oorsig gegee word van die huidige milieu waarin die kind sy volwassenheid moet nastreef. By wyse van historiese terugflitse sal naas hierdie beskrywing van die hede 'n gerekonstrueerde beeld geprojekteer word van die ou kulture waaruit die huidige gegroei het, en ten slotte sal enkele algemene gevolgtrekkings oor die nuttige en die gevaarlike in die huidige kulturele opset gemaak word met verwysing na die kulture waaruit dit stam. Aangesien die onderhawige studie van prinsipiële aard en nie primêr 'n historiese beskouing is nie, sal nie gepoog word om 'n te verwagte toekoms uit die oopgedekte gegewens te sintetiseer nie: daar sal slegs gewys word op tendense wat vir die opvoeding nuttig of gevaarlik is en op die lig wat die verlede hierop werp. NB Opset.

B. <u>Die huidige milieu oorsigtelik beskou</u>.

(1) <u>Die agtergrond van huidige omstandighede</u>.

Dit word algemeen erken dat die Westerse beskawing tans 'n steeds beklemmender krisis belewe. Ten spyte van materiële voorspoed, ongekende mag en tegniese vooruitgang, stuur dit skynbaar onstuitbaar op sy eie vernietiging af. Die antroposentriese kultuur wat met die Renaissance aangevang het en 'n misvormde herlewing van die Hellenistiese was, het met sy rasionalisme en eensydige diesseit-

---

1) Aron, R.: De zin der geschiedenis, p. 37.
2) Ibid., p. 50.

gerigtheid 'n fenomenale opbloei op die gebied van stoflike vooruitgang gebring. Ook die geesteswetenskappe, waaronder die sielkunde en die opvoedkunde, het by die toegewyde en sistematiese aftasting van menslike moontlikhede gebaat. Kuns en letterkunde het hoogtepunte bereik, maar die ontginning van die aarde en die moontlikhede van die aardgebonde mens kon nie onbeperk voortduur nie. Tans belewe die wêreld die bankrotskap van hierdie eensydige mensbeskouing, 'n krisis wat weens die hoë ontwikkelingspeil van die tegniek en massa-kommunikasiemedia 'n veel hewiger trefkrag en 'n wyer trefgebied as alle vorige kultuurkrisisse het.

"The crisis is also extraordinary in the sense that, like its predecessors, it is marked by an extraordinary explosion of wars, revolutions, anarchy, and bloodshed; by social, moral, economic, political, and intellectual chaos; by a resurgence of revolting cruelty and animality, and a temporary destruction of the great and small values of mankind; by misery and suffering on the part of millions - a convulsion far in excess of the chaos and disorganization of the ordinary crises." 1)

Die uiterlike verskynsels van die krisis van die twintigste eeu is formidabel en dit lyk asof selfs die ongekende sameballing van die menslike rede - wat tewens daartoe aanleiding gegee het - magteloos staan om 'n uitweg te vind. 2) Die langgekoesterde rasionalistiese utopieverwagtinge het teleurgestel en die mens staan ontgogel tussen die puin van sy trotse skepping.

"Nor can we look to the further promotion of knowledge for a remedy, tempting as is the suggestion, and one that in time past has had many advocates. It is a faith of long standing ... that universal education, especially in the sciences and their applications, would banish all sin, sorrow and suffering from the earth. Bitter experience has taught us that this is not the case. Knowledge, as we learn from Plato, is a two-edged sword, that has power to make or mar the lives of those possessed of it, according as they use it, for weal or woe." 3)

Dit is duidelik dat die huidige krisis méér is as 'n krisis van die rede: dit is 'n krisis van waardes. Daardeur raak dit nie net die

1) Sorokin, P.A.: The crisis of our age, p. 22.
2) Dit word bereken dat 90% van al die wetenskaplikes wat die wêreld in die afgelope 6,000 jaar opgelewer het, tans lewe. Vgl. Aron: De zin der geschiedenis, p. 213. Vgl. ook Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 20.
3) De Burgh, W.G.: The legacy of the ancient world, p. 562-563.

periferie van die menslike bestaan nie, maar sy diepste kern. 1)

Sedert Descartes staan die Westerse wêreldbeskouing in die teken van die rasionalisme: die menslike rede word die primêre element in ons bestaanswêreld. 2) Die rasionalistiese optimisme dat die natuur aan die menslike rede geen grense gestel het nie, leef, hoewel geskok, nog voort en die mens hoop heimlik nog op 'n rasionele prognose wat hom in staat sal stel om die goddelike Voorsienigheid deur menslike vooruitsien te vervang. 3) Die mens kom tans eers geleidelik tot die erkenning dat sy bestaan op valse waardes gebou is.

(2) Opvoeding as waardeverwesenliking.

Die mens onderskei hom van ander skeppingswesens nie deur sy vermoë om te redeneer nie, maar deur sy geroepenheid tot waardeverwesenliking en verantwoordelikheid. Die mees tekenende kenmerk van die mens se bestaan is dat dit 'n sedelike, met waardes gemoeide bestaan is. Sy lewe is gerig op iets wat hoër waarde as hy self het: dit is gerig op God en word gerig deur God. 4)

Een van die belangrikste pilare waarop die opvoeding berus, is dan ook die mens se gemoeidheid met waardes. 5) Die mens lewe uit sy sin vir waardes, en dit is derhalwe die hoogste taak van die opvoeding om by die kind 'n lewensbeskouing aan te kweek, waaronder die somtotaal van die gehuldigde waardes verstaan word. 6)

Hierdie kortliks gesketste verband waarin antropologie, aksiologie en opvoeding verstrengel lê, is van wesenlike belang vir die onderhawige studie. Op grond van die antropologie wat uit feite oor die huidige en vergange kulture opgebou kan word, kan afgelei word watter waardes aan daardie kulture ten grondslag gelê het en by implikasie dus meteen watter opvoedingsideale gehuldig is.

(3) Nader omskrywing van huidige omstandighede.

Uitgaande van die siening van die mens as 'n wese wat homself verwesenlik deur sy kontak met ander, met die mense en dinge van sy omgewing en met God, word vervolgens 'n kort skets gebied van die hedendaagse mens in die verskillende relasies waarin hy te staan kom. Hierin word sy verhouding eerstens tot homself en dan in steeds uitdyende

1) Vgl. Oberholzer, C.K.: Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p.140.
2) Pedersen, O.: Van Kierkegaard tot Sartre, p. 20.
3) Löwith, K.: Wereldgeschiedenis, wijsgerig en bijbels gezien, p. 87.
4) Frankl, V.E.: Homo patiens, p. 101.
5) Oberholzer: Op. cit., p. 116.
6) Ibid., p. 146.

kringe sy verhouding met die medemens, die geskiedenis as verhaal van die mensheid se antwoorde, met arbeid, lyding en dood en ten slotte sy verhouding tot die sinvolle kortliks ontleed. Vanselfsprekend is dit nie âl die verhoudinge waarin die mens te staan kom nie, maar dit behoort omvattend genoeg te wees om 'n beeld te gee van die huidige milieu waarin die volwasse-wordende sy weg moet vind.

(a) Die mens in ontmoeting met homself.

Met die Renaissance het 'n reaksie ingetree teen die Middeleeuse siening van die mens as 'n dualisme van verhewe siel en sondige liggaam en die daaruit voortvloeiende eensydige jenseitsbeklemtoning. Die opkomende diesseitige mensbeskouing plaas die mens in die middelpunt. Saam met die belangstelling in sy aardse bestaan gaan 'n opbloei van die beeldende kunste met die skoonheid van die menslike liggaam en gees as motief. [1]) Ook die opkomende natuurwetenskap wend hom al hoe meer tot die studie van die mens en sy liggaam en tot die daarstelling van beter lewensomstandighede. Dit lei tot ongekende vooruitgang op die gebied van die medisyne, tot 'n dalende sterftesyfer en 'n steeds stygende lewensverwagting. [2]) Mettertyd bring dit 'n ongekende bevolkingsuitbreiding mee. Hierdeur en deur sy gedurig toenemende aksieradius weens verbeterde kommunikasiegeriewe staan die mensheid bloot aan 'n ontsaglike druk omdat hy op 'n beperkte oppervlakte moet ontwikkel. [3]) Hierdie ongunstigerwordende verhouding van mens en beskikbare lewensruimte lei volgens wette van vraag en aanbod tot 'n devaluering van die mens wat deur die moderne materialistiese lewens- en wêreldbeskouing verskerp word.

In die tans gangbare fenomenologiese sielkunde word die liggaam as toegang tot die wêreld gesien. Sy liggaam is nie iets wat die mens besit of kan gebruik nie: dit is sy plek in die wêreld, dit druk sy houding in die wêreld uit. [4]) Die liggaam beliggaam die mens. [5]) "Het bewuste ik informeert het lichaam, d.w.z. doordringt het lichaam met de forma, de vormgevende actualiteit van het 'ik', waardoor het

---

1) Vgl. Sorokin: The crisis of our age, p. 39.
2) K. Jaspers gee in "Die geistige Situation der Zeit", p. 26-27 die volgende syfers: In die jaar 1750 het jaarliks 5% van die bevolking van Londen gesterf, tans 1.25%. H. Zbinden wys in "De bedreigde mens", p. 39 daarop dat die bevolking van Europa van 1800 tot 1960 ten spyte van die bloedige Napoleontiese en twee Wêreldoorloë van 180-miljoen tot 540-miljoen aangegroei het. Aron vestig in "De zin der geschiedenis", p. 173 die aandag op die bevolkingstoename in gebiede onder Westerse beheer.
3) Teilhard de Chardin, P.: Het verschijnsel mens, p. 199.
4) Delfgaauw, B.: Wat is Existentialisme? p. 28.
5) Luijpen, W.: Existentiële fenomenologie, p. 201. Vgl. ook p. 32.

liggaam 'van mij' is. Van de andere kant moet ik zeggen dat mijn lichaam de belichaming is van het bewuste ik; het bewuste ik is een geïncarneerd ik." 1)

Dit kom daarop neer dat die Middeleeuse liggaam-siel gespletenheid uit die moderne antropologie verdwyn het. Die gees is saamgetrek in die liggaam, die mens is sy liggaam, 'n deurleefde liggaam. By die des-integrasie van die liggaam val ook die mens se wêreld uiteen. Die volledige ontbinding van die liggaam beteken 'n breuk met die wêreld en tegelyk die dood, die einde van die mens se syn as bewus-syn-in-die-wêreld, sy mens-syn. 2)

Dit beteken nie per se dat die huidige fenomenologiese mensbeskouing die voortbestaan ná die dood ontken of beweer dat daar volkome identifikasie van die ek en die liggaam bestaan nie. 3) Teen die agtergrond van die moderne rasionalisme en materialisme bestaan die gevaar egter wel deeglik dat die mens al hoe meer aardgebonde raak en sonder meer identies word met sy liggaam. Waar die ander se liggaam direkte kontak met my moontlik maak en my in staat stel om in sý wêreld te deel 4), verloor dit by ontkenning van die wêreld van die gees wat in sy liggaam inkarneer is, die funksie van toegangspoort, van Mitwelt 5) en word die medemens liggaam-sonder-meer, word hy kenbaar, 'n gebruiksvoorwerp; hy word gedepersonaliseer tot blote liggaam. Waar 'n sekere nie-identifikasie van liggaam en gees ontken word en die mens in die prokrustesbed van eenheid moet pas, is dit die gees wat in die slag bly. Die mens word in so 'n geval, ooreenkomstig die natuurwetenskaplike se materialistiese drang tot meet en bewys, niks meer as 'n chemiese formule, 'n klierbalans nie. 6) Vanselfsprekend moet so 'n siening van die liggaam tot 'n devaluering daarvan aanleiding gee. Hierdie minagting vir sy liggaam en dié van sy medemens word dan ook weerspieël in die toenemende misdaad- en geweldsyfer en in die verslaafdheid aan verdowingsmiddels. Tot hierdie reduksie van die mens tot liggaam-alleen het Freud en Darwin 'n belangrike bydrae gelewer met hulle siening van die mens as drifgedrewene en deur die mens se beeldskap van God te vervang met die beeld van 'n geëvolueerde dier.

---

1) Luijpen: Existentiële fenomenologie, p. 203. Vgl. ook p. 32.
2) Luipen se uiteensetting van die denkbeelde van Marleau-Ponty, Op. cit., p. 34.
3) Vgl. Luijpen: Op. cit., p. 204; Van den Berg, J.H.: Het ziekbed, p.8,23.
4) Luijpen: Op. cit., p. 204.
5) Ibid., loc. cit.
6) Vgl. Kneucker: Richtlinien einer Philosophie der Medizin, soos aangehaal deur Frankl, V.E.: Der unbedingte Mensch, p. 93-94.

Die opvatting van die eenheid van gees en liggaam is nie self foutief nie, maar in 'n materialistiese tyd gee dit maklik aanleiding tot konsentrasie op die liggaamlike, wat slegs as stoflik-bepaald beskou word, ten koste van die geestelike komponent. Die nuwe antropologie lê 'n baie nou band tussen gees en liggaam, en dit kan daartoe lei dat die gees nie slegs as koëksistensief met die liggaam nie, maar as 'n produk van die liggaamlike opgevat word. Sommige moderne antropoloë sien die gees as niks anders nie as die liggaam in aksie. Denke is daarmee nie 'n suiwer intellektuele werksaamheid nie: die mens dink met sy hele liggaam, sy spysvertering sowel as sy siel en sy intellek. [1]) Deur sy liggaamsverbondenheid word die mens se gees ook as 'n erflikheidsproduk beskou: "Dank zij een overvloed van gegevens uit de natuur en een groot aantal experimenten met dieren weten wij dat temperament verband houdt met factoren van nerveuze en biochemiese aard en dat hetzelfde voor de verschillende intellectuele vaardigheden geldt ... Een mens erft niet alleen zijn zenuwstelsel, maar zijn hele neurocirculatie- en biochemiese stelsel. Genen spelen een rol in vele van zijn speciale gevoeligheden." [2])

Die Christelike siening van die twee-eenheid van die menslike bestaan as siel en liggaam, van die bo-tydelikheid van die siel of die hart as die religieuse konsentrasiepunt van alle tydelike funksies, van die mens as beeld van God, van die radikale verdorwenheid van die menslike natuur, van die bewarende en vernuwende krag van God in Christus [3]), word hiermee so afgewater en verdun dat die mens tot aardbewoner gereduseer word, tot liggaam-alleen. Daarmee saam verval die persoonlike waardigheid wat nie in die psigosomatiese gegewene kan setel nie: die moderne, aardgebonde mens word homself tot raaisel want die mens kan homself eers begryp "wanneer hij zichzelf denkt als resultaat van het goddelijke Liefde." [4])

Waar die Middeleeuse siening van die mens verwag het om oor sy natuur te <u>heers</u>, <u>is</u> die mens volgens die huidige natuurwetenskaplike mensbeskouing sy natuur, 'n gevangene van sy liggaamlik-gegewene. Die polariteit het verskraal, die spanning van elderswees en anderswees waardeur geestelike groei en doelstrewing moontlik is, het verflou.

---

1) Vgl. Van der Leeuw, G.: Der Mensch und die Religion, soos aangehaal deur Wijngaarden, H.R.: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 54. Vgl. ook Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 312; Fletcher, P.: Leven zonder angst, p. 12-13.
2) Murphy: Op. cit., p. 221.
3) Spier, J.M.: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 190. Vgl. Sorokin: The crisis of our age, p. 244.
4) Luijpen: Existentiële fenomenologie, p. 371.

Dit moet in sy konsekwensie en sy uitsigloosheid lei tot wat Sartre beskryf as die nooit afwesige, floue walging wat die liggaamlikheid van die mens se bestaan openbaar. [1])

Dit is begryplik dat hierdie siening van die mens se verhouding tot die liggaam - sy eie en ander s'n - op die opvoeding 'n verlammende invloed moet hê: as die mens in hoofsaak sy erflik-bepaalde liggaam is, moet dit noodwendig tot opvoedingsfatalisme en -pessimisme lei.

Hierdie houding ten opsigte van die liggaam word ook geprojekteer op die onbesielde natuur en op die medemens, wat daardeur bloot gebruiksvoorwerpe word, materiaal wat ontgin en verbruik kan word. [2])

(b) Die mens se ontmoeting met sy medemens.

Die mens se stellingname ten opsigte van sy eie liggaamlikheid, soos in die vorige paragraaf geskets, is ook bepalend vir sy houding teenoor sy medemens. Die moderne mens se benadering van interhumane relasies sal in hierdie hoofstuk in verskillende onderafdelings verdeel word.

(i) Ontmoeting met die medemens in die huwelik. Die huidige tyd is 'n era wat op byna elke gebied gekenmerk word deur gelykskakeling of ont-andersing. Selfs ideologieë verloor aan betekenis en gevoelswaarde [3]): die mens sien homself as van hierdie aarde aards en daardeur sonder uniekheid of blywende waarde. Die massamens word die kenmerkende twintigste eeuse mens. Hiervoor is die oorbevolking wat op die vooruitgang van die tegniek volg, slegs gedeeltelik te blameer. Groot opeenhopings van mense wek nie noodsaaklikerwys 'n massagees op nie. Waar 'n religieuse of patriotiese doel aan die lewe van 'n mensemenigte 'n geestelike basis verleen, tree massifikasie nie in nie. Die primêre oorsaak van die huidige verval lê in die verdwyning van die innerlike, persoonlike kragte as gevolg van die verlies van geestelike waardes. [4])

Verval in die kollektiwiteit bring mee dat elke verbinding met ander gereduseer, waardeloos gemaak en ontheilig word. Die verlange na kontak met ander verkwyn langsamerhand. [5]) Liefde is 'n erkenning van die waarde van die andersheid van die medemens. Waar die andersheid verdwyn, verskraal die moontlikhede van liefde. Deur die verskraling van die

---

1) Van den Berg, Het ziekbed, p. 23.
2) Vgl. Jaspers: Die geistige Situation der Zeit, p. 184; Teilhard de Chardin: Het verschijnsel mens, p. 229.
3) Vgl. Aron: De zin der geschiedenis, p. 225.
4) Zbinden: De bedreigde mens, p. 39-40.
5) Buber, M.: De vraag naar de mens, p. 138.

polariteit tussen man en vrou, wat 'n uitvloeisel is van die nivellerende vroue-emansipasie, word die huwelik ook in sy kern getref. [1] Die natuurlike man-vrou polariteit wat 'n sterk kreatiewe spanning geskep het, word vervang deur 'n bloot geslagtelike teëstelling. [2]

Waar die mens se geestelike komponent misken word, is hy ken- en voorspelbaar en dan verdwyn die wonder en die misterie van sy eenmaligheid. Daarmee verskraal ook die uitnodiging en die moontlikheid van persoonlike kontak. Die voorwaarde tot die gesprek (d.i. die kontak met die ander) is die geheim van die gespreksvennoot, dit wil sê die verborgene in hom wat in die gesprek indirek gekommunikeer word. Wie geen geheim besit nie, het ook niks om mee te deel nie. [3] Ook die huwelik, die intiemste en langdurigste gesprek, berus op die voorwaarde van andersheid. Waar die huweliksvennoot se uniekheid, wat veral op geestelike grondslag berus, ontken word, is liefde nie meer werklik moontlik nie.

Liefde is die toegangspoort tot kennis, tot die geheim van die ander. [4] Liefde beteken dat die lewe van die een vir die ander oopstaan. [5] Dit behoort tot die wese van die huwelik dat die hele bestaan, die hele lewe in al sy aspekte daarby betrokke is, voortdurend en sonder voorbehoud. [6] Die huwelik veronderstel die algehele lewensgemeenskap van twee mense. Sy enigste betroubare fondament is dat dit as sodanig aanvaar en onderhou word. [7]

In 'n samelewing wat geen ewigheidswaardes en -projeksie erken nie, ontbreek die bereidheid om absolute bindinge aan te gaan. "Angst steigert sich zu dem Bewusstsein, wie ein verlorener Punkt im leeren Raum zu versinken, da alle menschliche Beziehungen nur auf Zeit zu gelten scheinen. Auf kurze Zeit nur läuft eine Menschen zur Gemeinschaft bindende Arbeit. In den erotischen Beziehungen wird die Frage nach dem Verpflichtenden gar nicht erst gestellt. Auf niemanden ist Verlass, ich selbst binde mich nicht absolut an einen anderen." [8] ... "Bindung ist dann eine relative; sie ist kündbar, immer nur vorläufig; ... in dieser Sachlichkeit wächst

---

1) Vgl. Köhn-Behrens, Charlotte: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 136; Perquin, N.: Pedagogische psychologie, p. 127.
2) Köhn-Behrens: Op. cit., p. 238.
3) Van den Berg, J.H.: Het gesprek <u>in</u> Van den Berg & Linschoten: Persoon en wereld, p. 153-154.
4) Vgl. Frankl: Der unbedingte Mensch, p. 67.
5) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 51.
6) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 141.
7) Ibid., p. 147.
8) Jaspers: Die geistige Situation der Zeit, p. 51.

das Bewusstsein des Chaos." 1)

Hierdie vrees vir inset sonder voorbehoud beteken dat die mens nie meer beslissende keuses maak nie. Elke ware keuse beteken dat die mens hom bepaal tot wat hy gekies het en al die ander moontlikhede loslaat en opoffer. Elke innerlike voorbehoud by 'n huwelik is 'n vorm van egbreuk en lei ook maklik in die praktyk daartoe. 2) Dit beteken tewens dat so 'n mens nie ware sedelike volwassenheid bereik nie, wat immers gekenmerk word deur die bereidheid om keuses te doen wat vir die eie lewe en dié van ander rigtingbepalend is en om vir daardie keuses verantwoordelikheid te aanvaar. 3) Die huidige stand van die huwelik is met ander woorde vanuit opvoedkundige oogpunt beskou infantiliserend en negatief.

Waar werklik opeisende persoonlikheidswaardes nie erken word nie en die huweliksvennoot dientengevolge tot die psigosomatiese gereduseer word, bly eintlik in plaas van liefde net 'n animale besitdrang oor waarmee openlik of onbewus die drang na vernietiging vermeng is. 4)

By gebrek aan 'n liefde wat ook en juis in die besonder die geestelike komponente betref, is die gemiddelde huwelik vandag veral op geslagtelikheid gegrond, wat met sy beperkte moontlikhede meebring dat dit byna voortdurend bedreig word. 5) Hiertoe dra die kommersialisering van die erotiese deur middel van advertensies, rolprent en sensasiepers by. Vrees vir die dood, wat in 'n diesseit-lewensbeskouing algehele en finale vernietiging beteken, lei tot 'n beheptheid met die seksuele as kristallisasie van die lewe. 6)

Die hedendaagse huwelik bied, te wyte aan die heersende verskraalde mensbeeld, nie 'n sterk positiewe voorbeeld aan die jongmens wat moet leer om besliste keuses te doen onderweg na sy volwassenheid nie. Dit is trouens een van die faktore wat die grootste bydrae lewer tot die ontreddering van die kind en die jeugdige, selfs wanneer die huwelik nie tot openlike ontbinding kom nie. Die onvermoë om lief te hê bly in elke menslike verbintenis 'n ernstige gebrek waarvoor nooit deur uiterlike vertoon vergoed kan word nie. Die huwelik alleen waarborg beskerming teen innerlike eensaamheid en voorsien die "neswarmte" wat die opgroei-

---

1)Jaspers: Die geistige Situation der Zeit, p. 169. Vgl. Köhn-Behrens: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 252.
2) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 145.
3) Vgl. Langeveld, M.J.: Beknopte theoretische paedagogiek, p. 146.
4) Köhn-Behrens: Op. cit., 17.
5) Ibid., p. 108.
6) Améry: Het moderne Westen, p. 103.

ende kind nodig het. [1] Slegs deur identifikasie met volwasse persone wat hy as konkrete voorbeelde van die goeie in die lewe beskou, kan die jeug in die dialoog wat opvoeding is, tot volwassenheid kom. [2] Gebrek aan die vermoë om lief te hê laat nie alleen duisende huwelike skipbreuk ly nie, maar verhinder ook dat die jongmens tot optimale volwassenheid kom.

Slegs in die synswyse van die liefde, die oopheid vir en die kontak met ander en met die kosmos bereik die mens die volledigheid van sy potensie. Liefde bring altyd risiko mee: hoe meer liefde, hoe groter die kans op krenking deur leed; maar hoe sterker die liefde, hoe groter is ook die vermoë om leed te verduur. Die vlug vir leed dui op 'n gebrek aan liefde en daarmee 'n vermindering van lewensvolheid. [3]

Pedagogies beskou is die huidige stand van die huwelik ongesond aangesien dit die volwassene van sy volle volwassenheid weerhou, met ontredderende uitwerking op die kinders wat in dialoog met 'n volwaardige volwassene hulleself moes ontdek en vorm.

Die nadelige uitwerking wat die ontbinding van 'n huwelik het op die kinders wat daarin veiligheid moes gevind het, is so bekend dat dit nie hier gesignaleer hoef te word nie. Dit geld ook vir buite-egtelike betrekkinge tussen volwassenes waarby kinders gemoeid is.

(ii) Ontmoeting met die kind. Een van die kenmerkendste eienskappe van die mens is sy afhanklikheid van opvoeding. "Hierdie feit, onder andere, besorg aan die mens sy hoë uitsonderingsposisie: hy is die enigste wese wat opvoed, opgevoed word en op opvoeding aangewys is." [4] Sonder die hulp van volwassenes word die kind nie die mens wat hy kan wees nie.

Die belangrikste faktore wat die vorming van sy persoonlikheid help bewerkstellig, is enersyds innerlike ryping en andersyds die uitwendige faktore opvoeding en vorming. Opvoeding word beskryf as die doelbewuste hulp wat 'n volwassene aan 'n kind gee om hom te help om ook volwasse te word. Dit neem slegs die kinder- en jeugjare in beslag. Vorming daarenteen duur so lank die mens lewe, is oor die algemeen nie-doelbewus nie en gaan behalwe van mense ook van diere, lewelose voorwerpe, heersende gesindhede, omstandighede, gebeurtenisse en dies meer uit. [5]

---

1) Köhn-Behrens: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 107.
2) Vgl. Frankl, V.E.: Zeit und Verantwortung, p. 41.
3) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 114-115.
4) Oberholzer, C.K.: Die pedagogiese, p. 1.
5) Hieroor meer in die volgende hoofstuk.

Die vormende invloed wat die huwelik en dus die gesin waarin hy opgroei in die huidige tyd op die kind uitoefen, is in die vorige paragraaf kortliks aangestip. Hier sal derhalwe slegs aan die opvoeding aandag gegee word, dit wil sê aan die bewuste en doelbewuste invloede wat in die gesin, die skool en die samelewing op die kind uitgeoefen word. Omdat die gesindhede van die gesin en die samelewing reeds aan die lig gekom het of nog later in hierdie studie sal blyk, sal hier veral aandag geskenk word aan die opvoeding wat die kind in die skool ontvang.

Omdat die mens "onklaar" en "ongeslote" in die wêreld kom [1]), is hy ten spyte van die werklikheid van sy erfmassa en wat hy reeds daarvan gemaak het, op elke stadium van sy ontwikkeling na volwassenheid ook nog moontlikheid. Hy beskik oor die vryheid om vanuit die hede die toekoms te vorm. Hierdie vryheid sluit baie moontlikhede in, ook die vryheid om sy eie ondergang te bewerkstellig. [2]) Volgens hierdie beskouing moet die mens homself voltooi: hy moet uit sy aangebore en deur die milieu gegunde moontlikhede 'n keuse doen en die gekose moontlikhede verwerklik. In die kinderjare, voordat hy selfstandig sy eie vorming kan kies, moet die kind deur die volwassene gehelp word om sy rigting te vind en om sodanige keuses te maak wat toekomstige sedelik-aanvaarbare keuses sal moontlik maak en tewens vergemaklik.

Daarmee is die opvoeding 'n onafskeidelike aspek van die mens se bestaan. Die pedagogiek kan van die antropologie onderskei maar nooit geskei word nie.

Die basis van die opvoeding word in die vroegste kinderjare in die gesin gelê. Vir die kind se ryping en sy leiding deur volwassenes is die gesin die gepredisponeerde milieu. Die gesin is nie uitsluitlik 'n opvoedingsituasie nie, maar is nietemin in sy hele verskyningsvorm op opvoeding aangelê. [3]) In die primitiewe samelewing is die hele opvoeding van die kind trouens deur die ouers behartig. Namate die samelewing gekompliseerd geraak en arbeidsverdeling ingetree het, het die werk van die opvoeder gespesialiseerd geraak. [4]) In die moderne Westerse samelewing is daar weens die ouer se gebrek aan tyd en gedetailleerde kennis geen sprake meer daarvan dat hy self die opvoeding kan behartig nie. Die kind en die ouer betree in 'n dinamiese samelewing hoe langer hoe meer verskillende lewensgebiede. Die opvoeding word derhalwe in

---

1) Vgl. Langeveld, M.J.: Kind en religie, p. 11-12.
2) Langeveld: Beknopte theoretische paedagogiek, p. 75. Vgl. Frankl: Der unbedingte Mensch, p. 64-65; Perquin, N.: Algemene didactiek, p.13.
3) Perquin, N.: De pedagogische verantwoordelijkheid van de samenleving, /p. 53.
4) Childe, G.: What happened in history, p. 86.

toenemende mate aan die skool toevertrou. Hoewel dit nie 'n gesonde verskynsel is dat die skool al hoe meer die opvoedingstaak van die gesin moet oorneem nie, is dit 'n onafwendbare tendens van die moderne samelewing: as die ouer toenemend onbekwaam raak om sy tradisionele deel van die opvoeding te behartig, moet die skool naas sy primêre onderwystaak ook dié van opvoeding op hom neem. [1])

Die taak van die opvoeding, en uit die aard van die huidige samelewing dus in toenemende mate die taak van die skool, is persoonlikheidsvorming. Aangesien dit slegs in wisselwerking met die waardevolle kan geskied, eis dit dat die kind in aanraking gebring sal word met die kultuur, wat 'n konkretisering is van wat die groep as waardevol beskou. Kultuuroordrag kan egter nie die enigste opvoedingstaak wees nie. Die bestaande kultuur het binne taamlik eng moontlikheidsgrense ontstaan en buite die bestaande kultuur lê talle latente vermoëns en moontlikhede wat óf nog nie verwerklik is nie óf wat in onbruik verval het. [2]) Die mens is 'n wese wat moet kies en ooreenkomstig sy keuse gee hy konkrete gestalte aan sy moontlikhede in die vorm van kultuurskeppinge. Die opvoeding het dus behalwe 'n <u>bewarende</u> funksie (die oordrag van erkende waardes soos dit in die kultuur verwerklik is) ook 'n <u>kreatiewe</u> taak: die opspoor en aktivering van nog ongerealiseerde moontlikhede. Veral in 'n dinamiese tyd soos die huidige kry hierdie aspek van die opvoedingstaak die grootste betekenis: die mens is so in 'n hoek gedryf dat hy óf kreatief sal moet dink langs nuwe of vergete weë, óf ondergaan.

In die lig van die voorgaande is dit begryplik dat die opvoeding tans baie aandag geniet en dat die vraag wêreldwyd geopper word of die opvoedingsmoontlikhede doeltreffend benut word. Skoolhervorming is daarmee aan die orde van die dag, ongelukkig meestal met utilistiese korttermyndoeleindes soos die verhoging van die peil van onderrig in 'n bepaalde vak, terwyl die oorsaak van die misstande, die gebrek aan 'n lewegewende normatiewe kern, feitlik nie ter sprake kom nie.

In hierdie afdeling, waarin die ontmoeting met die kind in die opvoedingsituasie ter sprake kom, sal dus aandag gegee word aan die prinsipiële eerder as aan die didaktiese aspek.

Die skool neem nie alleen 'n toenemende deel van die kind se dag in beslag nie, maar ook 'n toenemende aantal van sy leefjare. Die jongmens

---

1) Vgl. Bijlsma, R.: Kleine catechetiek, p. 29.
2) Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 53-54.

uit die intellektueel meer ontwikkelde kringe staan dikwels voor 'n periode van geestelike en persoonlike vorming wat tot ver by die puberteit verby strek. Daardeur bereik hy eers op 'n later leeftyd as wat voorheen die geval was, selfstandigheid. Hy maak dus 'n langer adolessensietyd deur. [1]) In die verbygaan dien daarop gewys te word dat die uitgestelde volwassewording nie slegs vir 'n bevoorregte minderheid geld nie, maar 'n algemene kenmerk van ons dag geword het. Die skoolpligleeftyd is steeds besig om te styg want aanpassing by 'n altyd meer gekompliseerde samelewing eis intensiewer en langduriger voorbereiding.

Jeugjare is leerjare en derhalwe gevaarlik. Die probleme van die uitgestelde volwassewording word verder verhewig deur die feit dat geslagtelike rypheid tans vroeër intree. Die jongmens word aanmerklik te vroeg deur geslagtelikheid oorval. [2])

Nog 'n faktor waardeur die probleme van die uitgestelde volwassewording verhewig word, is die veranderende bevolkingsamestelling as uitvloeisel van die stygende lewensverwagting. Die opvoeder moet nie verblind word deur die beeld van die uitdagende en koopkragtige moderne tienderjarige groep wat oënskynlik al hoe meer die toon aangee nie. Dit neem nie weg dat die maatskaplike lewe meer as tevore deur die ouer geslag oorheers word nie. Die ouderdom was in vroeër jare 'n betreklik seldsame verskynsel. Nog teen die helfte van die vorige eeu was die gemiddelde lewensduur van die man 36.2 jaar. Teen 1910 styg dit tot 51 en tussen 1947 en 1949 was dit 69.4 jaar. Vergeleke met 1930 sal die aantal bejaardes teen 1980 na alle waarskynlikheid verdrievoudig het, terwyl die aantal jongmense relatief gesien verminder. Dit lê voor die hand dat die wêreld steeds meer die aanskyn van die ouderdom en steeds minder van die jeug aanneem. Dit duur al hoe langer voordat 'n nuwe geslag in beheer kom. [3]) Vir die opvoeding is hierdie tendens in die gemeenskapsamestelling tegelykertyd 'n geleentheid en 'n uitdaging: dit bied langer vormingstyd, en dit lê op die opvoeder die verantwoordelikheid om dit op sinvolle wyse te benut.

Aangesien die skool, net soos ander kultuurinstellinge, tot kristallisasie van die bestaande geneig is, sal dit nuttig wees om met die oog op die toekoms die huidige posisie van die kind in die onderwyssituasie in oënskou te neem.

---

1) Vgl. Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 182.
2) Köhn-Behrens: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 206.
3) Perquin: Pedagogische psychologie, p. 125-126.

Daar is tekens dat die lang duur van die onderwys, net soos van die lewe in die algemeen, die gevaar inhou van verslapping van inspanning. Die duur van die opvoedingstyd neem toe, maar die gevaar bestaan dat die intensiteit verflou, sodat die langer skooljare die volwassewording slegs vertraag sonder om dit te verdiep. 1) Die langer periode wat die jeug as nog-nie-volwaardig-volwasse moet deurbring, kan maklik 'n negatiewe waardering van die samelewing tot gevolg hê. 2) So loop die huidige maatskappy die gevaar dat daar 'n aparte jeug-kaste gevorm word wat homself buite die wet van die ouer geslag plaas omdat daar in die maatskaplike lewe nie plek vir hulle is nie. 3)

Daarmee saam gaan die verval van toekomsbeelde en verwagtinge. "Het is een feit, dat het beeld van de volwassenheid, dat zij te zien krijgen, onbevredigend is ... Iets dat geen verwachting wekt ... Zo komt het, dat zij niet of te weinig met ideale voorbeelden gewapend de adolescentie binnengaan. Daarbij ontdekken of ervaren zij, dat er in de maatschappij van heden nauwelijks ruimte is voor het waagstuk en het risico. Alles is geregeld en geordend, van de wieg tot het graf ... Soms lijkt het enige ideaal veiligheid ... Het is voor hen benauwend, het lijkt hun onwaarachtig en - wat meer is - infra-humaan. Vandaar dan ook plotselinge uitbarstingen van verzet tegen de geordende maatschappij. Er komt ook nog bij, dat zij het idee gekregen hebben, ... dat de volwassenen, die de samenleving dirigeren, zich ook niet wensen te geven aan iets wat boven het eigenbelang uitgaat, aan iets wat zij de moeite waard vinden om ervoor te leven en zich ervoor op te offeren ... De wereld van vandaag is gericht op het gemakkelijke. Dit is ook het geval in de opvoeding ... Behalve het onbevredigende van het gemakkelijke, is er de verveling, die het er-niet-betrokken zijn insluit ... Zij groeit tot een obsessie uit in een wereld, die niets te zeggen heeft. In zulk een wereld leven de adolescenten van vandaag. Zij kennen dat allemaal wel: het is reclame, het is geld verdienen, het is morele zwakheid op allerlei gebieden. Het is niet de moeite van een inzet waard." 4)

Die moderne maatskappy word verder gekenmerk deur 'n relativering en minimalisering van waardes wat op 'n nihilisering wys. 5) Die jeug

---

1) Vgl. Zbinden: De bedreigde mens, p. 269.
2) Vgl. Améry se ontleding van die na-oorlogse Engelse jeug in Het moderne Westen, p. 198-199.
3) Perquin: Pedagogische psychologie, p. 126.
4) Ibid., p. 128-129.
5) Ibid., p. 130.

moet tans opgevoed word sonder voldoende steun van 'n waardesisteem wat bo verdenking staan.

Ten spyte van die gevaarlikheid van die huidige situasie lyk dit asof die opvoedkundige denke verlam en nie tot ingryping in staat is nie. Die hoogste doel van die moderne mens skyn sosiale aanpassing te wees. In die skool val die aksent op demokratisering, wat dikwels as die aankweek van populariteit vertolk word en niks meer nie. 1) Dit lyk asof die skool en ander maatskaplike instellinge werktuiglik die gangbare lewensvorme voortsit of langsaam en blindelings in ander rigtings gedwing word na mate veranderinge in die instellinge plaas vind. 2) Van outonome, prinsipiële deurdenking is daar nie veel tekens nie. Die opvoedkundiges besef die gevaar, maar soek die oplossings veral in die rigting van verbeterde didaktiese metodes in plaas van na die kern van die saak - die verval van waardes en waarde-konkretiserende toekomsbeelde - in te daal. 3)

Sonder toekomsbeelde wat aan die kind se drang na identifikasie voldoen en hom tot inset uitdaag, verval die opvoeding in nivellering as oplossing vir die aanpassingsprobleem. 4) Opvoeding is tans in 'n te groot mate opvoeding tot middelmatigheid. Hierdie neiging oorheers nie slegs die volkskool nie, maar het reeds selfs die universitêre opvoeding aangevreet. Die andersheid waarop leierskap berus, word nie meer versterk nie maar ter wille van die aanpassingsideaal afgewater. 5)

Die Renaissancebelangstelling vir die mens in sy aardse bestaan moes, tot sy konsekwensie gevoer, ook die opvoeding vermaterialiseer en verintellektualiseer. Die miskyk van die kind se uniekheid is maar één van die uitinge daarvan: die mens se anders-wees lê in sy geestelike komponent wat deur die materialisme nie gereken word nie, en die denke rig hom by voorkeur tot die algemene, die abstraheerbare, die ken- en beheersbare, waardeur die eenmalige verwaarloos word. Die moderne groot skool wat op oorwegings van utilisme en massifikasie berus, verhewig die verdwyning van die uitstaande enkeling. Die skool gaan vandag nog van die sosiologies verouderde opvatting uit dat dit 'n homogene skoolbevolking het, terwyl selfs die middelbare skool reeds sy vroeëre eksklusiwiteit

1) Vgl. Améry: Het moderne Westen, p. 117-118.
2) Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 101.
3) Vgl. Jaspers: Die geistige Situation der Zeit, p. 91.
4) Ibid., p. 103.
5) Zbinden: De bedreigde mens, p. 45.

verloor het en die universiteit dieselfde weg opgaan. [1]) Die skool het in groot mate sy verband met die lewenswerklikheid verloor. In plaas van 'n oplossing te soek vir die kernoorsaak van die opvoedingstagnasie, die verdwyning van waardes, probeer dit ooreenkomstig sy materialistiese benadering van die opvoeding met manipulasie van periferiële en meetbare aspekte die skyn van sukses en vooruitgang skep. Hierdie materialisme kom onder meer tot uiting in die moderne voorliefde vir weelderige geboue, duur en dikwels onnodige apparaat en die verslaafdheid aan altyd ingewikkelder didaktiese hulpmiddele. Die beheptheid met leerstof en die oordrewe agting vir in syfers uitdrukbare prestasie is verdere uitinge van die materialisme in die moderne opvoeding. Dit word dikwels uit die oog verloor dat 'n inrigting op 'n hoë slaagpersentasie kan roem terwyl die opvoeding miskien in sy wese misluk het. (Omgekeerd beteken dit nie noodwendig dat 'n kind wat gedruip het, opvoedkundig gesproke 'n mislukking is nie). Die skool het naamlik 'n drieledige taak: die bybring van kennis, die aankweek van die bekwaamheid tot en die gewoonte van selfstandige denke, en die vorming van gesindheid (karakter). Hoewel laasgenoemde die siel van die opvoeding is, is dit nie kwantifiseerbaar nie en word dit in die puntejag dus dikwels verwaarloos. Nieteenstaande die feit dat parate kennis in die huidige veranderende samelewing gou verouderd en dus waardeloos raak, is dit die maklikste meetbaar en dus spits die onderwys hom in baie gevalle daarop toe, ten nadele van karaktervorming én van selfstandige denke. Die kind word daarmee opgeoffer aan die onderwys.

Die huidige "intellektualisme" van die skool is in die lig van die voorgaande eintlik 'n skyn-intellektualisme: in waarheid is die huidige skool nie in hoofsaak op die ontwikkeling van die intellek gerig nie, maar wel op benutting van die kind se memoriseervermoë.

Die intellektualisme wat daar wel in die skool is, kan as 'n uitvloeisel van die positivisties-rasionalistiese lewensbeskouing gesien word. Dit lei tot 'n buitensporige waardering van feitekennis, met die gevolg dat die kind tot 'n passiewe ontvanger gereduseer word. Dit geld veral vir die middelbare skool, wat daardeur 'n aparte menstipe kweek. [2]) Veral die middelbare skolier se slaging hang slegs van sy intellektuele prestasie af en swakker leerlinge neem hulle toevlug tot geheue in plaas van denke. Die oorwaardering van die intellek en die opvatting dat emosionele vorming nie slegs onbelangrik is nie, maar tewens 'n belemmering

1) Perquin: Pedagogiese psychologie, p. 110, 142.
2) Ibid., p. 81.

vir die werking van die intellek kan wees, kan daartoe lei dat rede en gevoel nie in die persoonlikheid geïntegreer word nie. [1]) Die verintellektualisering deur die onderwys hou die gevaar in dat die kind opgroei met die gedagte dat dit voldoende is om begrypend en aanskouend teenoor dinge en mense te staan, sonder inset of persoonlike betrokkenheid. [2]) Hierdie beperktheid van die opvoeding tot die intellek lei daarmee tot gebrekkige kontak. Daardeur word die kind oorgelewer aan die eensaamheid wat uit 'n gemis aan oriëntasie spruit. 'n Mate van eensaamheid is onmisbaar vir volwassewording en die georiënteerd-bly op waardes, maar te dikwels ly die moderne jeug aan 'n steriele eensaamheid wat kontak vrees en ontvlug.

Die huidige neiging tot intellektualisme in die skoolstelsel sien die kind, ten spyte van imponerende slagspreuke soos "opvoeding in totaliteit", "harmonieuse ontwikkeling" en dies meer in werklikheid eensydig en depersonaliseer hom dienooreenkomstig. Ter wille van organisatoriese oogmerke en materialistiese puntebeheptheid word die kind se belange te dikwels opgeoffer en word hy eerder gehinder om met ander mense in kontak te tree. So word hy weerhou van die dialoog waarsonder hy nie die mens word wat hy kan wees nie. Ware eksistensiële kontak, dit wil sê kontak wat die diepste van sy persoonlikheid betrek, is nie 'n saak van die rede alleen nie. Die rede is gerig op die algemene; dit distansieer die beskouer en die beskoude. [3]) Slegs die liefde rig hom tot die besondere, die unieke, die onherhaalbare en onsistematiseerbare, - maar die liefde het geen meetbare utiliteitswaarde nie en word daarom dikwels verontagsaam, saam met intuïsie en fantasie wat nogtans meer kreatiewe betekenis het as die logiese denke. [4])

Die hedendaagse opvoeding is met sy eensydige intellektualisme skuldig aan die bestendiging en uitbouing van die heersende gevaarlike toestande in die samelewing.

(c) <u>Die mens se ontmoeting met die geskiedenis</u>.

Uitgaande van die grondgedagte dat die lewe sinvol moet wees, bestaan by die mens die neiging om in krisistye 'n studie van die geskiedenis te maak. Uit die studie van die verlede wil die historikus dan die tendense van verandering aflei om daardeur die hede en die

---

1) Perquin: Pedagogische psychologie, p. 82.
2) Ibid., p. 89.
3) Vgl. die uiteensetting van Sartre se opvattings later in hierdie hoofstuk.
4) Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 126. Vgl. oor die verband tussen fantasie, liefde en kreatiwiteit Köhn-Behrens: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 117.

toekoms te begryp. [1]) Die grondgedagte is om die <u>geheel</u> te begryp om langs dié weg oor eie tyd en optrede te kan besluit.

Hierdie neiging om tendense vanuit die verlede via die hede na die toekoms deur te trek, het vir die opvoeding belangrike implikasies want om aan die geskiedenis sin toe te skryf, impliseer om die mens op te roep om sy natuur te beheers. [2])

Gedurende die Middeleeue was die heersende geskiedenisbeskouing dié van Augustinus. Vir hom lê die sin van die geskiedenis in die worsteling tussen die aardse en die ewige ryk. Die wêreldse state, beliggaming van die aardse ryk, gaan onder in 'n ydele kringloop, maar die koninkryk van God gaan deur die stryd heen die heerlikheid van God tegemoet. [3]) Die huidige kommer oor vooruitgang en krisis is daardeur vir hom onbekend. Vanuit Christelike standpunt gesien is daar maar één vooruitgang, naamlik in die rigting van 'n steeds skerper skeiding tussen geloof en ongeloof, tussen Christus en Antichris. Die wêreldgebeure ken maar twee beslissende krisisse: die sondeval en Golgota. [4])

Sedert die middel van die 18$^{de}$ eeu word hierdie eschatologiese geskiedenisbeskouing egter verdring. Lessing stel in sy fragment "Die Erziehung des Menschengeschlechts" (1780, posthuum) die geskiedenis voor as opvoeding van Godsweë. [5]) In die ryk van die rede sal die mens, deur kennis van die geskiedenis opgevoed, homself verwesenlik. Met hierdie siening ondergrawe Lessing die openbaringskarakter van die Middeleeuse beskouing. Sy geskiedenisbeskouing hang saam met die uitdyende geloof in die heerskappy van die menslike rede, maar is nog Christelik gekleur in dié opsig dat hy die selfverwesenliking van die mens as vervulling van die Christelike openbaring beskou. Met sy aandrang op die menslike aandeel daarin vervang hy egter die eschatologiese geskiedenisbeeld met 'n utopistiese: die mens se aandeel neem toe ten koste van God se handeling.

Die goddelike openbaring stel volgens Lessing se opvatting die mens in staat om die volgende fase sneller te bereik as wat deur die rede alleen moontlik sou gewees het. Die geskiedenis is 'n ontwikkeling na bo en hoe hoër die trap van ontwikkeling wat bereik is, hoe minder is die Christelike openbaringsinhoud nodig. Die einddoel van die geskiedenis is

---

1) Aron: De zin der geschiedenis, p. 56.
2) Ibid., p. 43. Vgl. ook p. 50, 84.
3) Berkhof, H.: Christus, de zin der geschiedenis, p. 20.
4) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 155.
5) Vgl. Berkhof: Op. cit., p. 21; Löwith: Op. cit., p. 186.

vir hom die mens, heeltemal mondig en alleen deur sy rede gelei. Die menslike worsteling wat in die geskiedenis weerspieël word, word nie voortgedryf deur die teenstrydige kragte van goed en kwaad nie, maar deur die goeie kragte wat God in die mens gelê het. Hierdie nuwe opvatting is met ander woorde immanent, evolusionisties en idealisties. 1)

In sy logiese ontwikkeling lei dit dan ook tot Comte se positivistiese beskouing wat in die geskiedenis die ontvouing van sosiale wette sien wat slegs die voortsetting van die wette van die laer natuur is. Ook hier is die gespletenheid tussen mens en natuur oorbrug - die mens word van die aarde aards. Hoewel hy nie van die Christelike doelgerigtheid kan wegkom sonder om die Weste van sy kulturele krag te beroof nie, neem die "mensheid" vir Comte die plek in van God as sin en doel van die geskiedenis: die mens bepaal sy eie geskiedenis ooreenkomstig sy eie natuur. 2)

Die humanistiese selfversekerdheid dat die mens sy lot in eie hande kan neem en die wêreld in 'n gelukstaat omskep, bereik sy hoogtepunt in die idealisme van Hegel 3), en vandaar loop die ontwikkelingslyn van die utopie-verwagtinge oor Marx na die moderne kommunisme. 4)

'n Belangrike reaksie teen die ontwikkelingsgedagte kom van die Christenhater Nietzsche wat die Christelike ondergrond daarvan raaksien en daarom hartstogtelik verwerp. Vir hom bestaan daar geen hoër sedelike wêreldorde nie: die geskiedenis is die sinlose spel van die wil tot mag waarin die swak mens ondergaan om plek te maak vir die Uebermensch, wat 'n uitgesproke aristokratiese karakter dra. 5) God is volgens Nietzsche dood en moet deur die Uebermensch vervang word. 6) Die mens het deur die dood van God volslae vryheid gekry. In plaas van die "slawemoraal" van die Christendom propageer Nietzsche 'n "heremoraal"; in plaas van die Christelike "kuddedier" kom die ideaal van die "blonde bees", die supermens wat vir sy doen en late geen ander norm ken as sy lewensdrang, sy wil tot mag nie. 7) Nietzsche se leer lyk aanvanklik soos evolusionisme tot sy uiterste konsekwensie gevoer, maar dan versteur hy dit met

---

1) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 21.
2) Vgl. Delfgaauw, B.: Beknopte geschiedenis der wijsbegeerte II, p. 124-125.
3) Gunter, C.F.G.: Opvoedingsfilosofieë, p. 243.
4) Del Corral, L.D.: De ontvoering van Europa, p. 160. Vgl. Berkhof: Op. cit., p. 31.
5) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 18.
6) R.J. Hollingdale: Inleiding tot Nietzsche, F.: Thus spoke Zarathustra, p. 22. Vgl. Vloemans: Nietzsche, p. 45.
7) Brillenburg Wurth, G.: De Christelijke vrijheid, p. 13.

sy leer van die "ewige terugkeer" wat by die kosmiese kringloop-gedagte van die Grieke aansluit. [1])

Hierdie leer word in gewysigde vorm voortgesit deur Spengler ("Untergang des Abendlandes", 1918) volgens wie elke kultuur 'n in homself beslote organisme is wat biologiese wette van groei en ondergang gehoorsaam. [2]) Die wêreldgeskiedenis is die biografie van hierdie kulture in hulle eindelose opeenvolging van groei, bloei en onvermydelike ondergang. [3]) Met sy verbiologisering van die geskiedenis gee Spengler die wesenlike prys wat die kategorie van die mens konstitueer: deur die mens aan 'n roofdier gelyk te stel, het Spengler die moontlikheid van geskiedenis vernietig. Die mens het naamlik geskiedenis verwerf deurdat hy homself verantwoordelikheid opgelê het, iets wat vir die roofdier sinloos en grotesk moet voorkom. [4]) Deur die geskiedenis te verbiologiseer het Spengler die mens sy vryheid en daarmee sy verantwoordelikheid ontneem. Daardeur het die mens sy mag oor die gebeurende verloor, het hy vasgevang geraak in 'n sinnelose verloop van blinde biologiese wette.

Dit skyn asof die moderne mens 'n masochistiese behae daarin skep om minder te wil wees as wat hy werklik is, wat moontlik 'n poging kan wees om sy verantwoordelikheid te ontduik. [5]) Hierdie volkome negatiewe toekomsbeeld van die magtelose mens teen die agtergrond van onafwendbare ondergang word voortgesit deur later geskiedenisfilosowe. Europa het sy besef van die geskiedenis verloor, die besef dat gebeure doelgerig is en dat dit daarom belangrik is om aan die geskiedenis deel te neem en vir die toekoms offers te bring. [6])

Die toenemende verval van die individu in die kollektiwiteit en die skok van twee wêreldoorloë in die eerste helfte van die 20ste eeu werk mee om 'n gevoel van fatalisme, van die mens se volslae onmag te skep, 'n skrille teëstelling met die rasionalistiese optimisme van die voorafgaande tydperk.

Waar die moderne mens vandag nog toekomsverwagtinge het, sien hy die toekoms slegs as voortsetting en verhewiging van die hede: groter prestasies van die tegniek, groter gevare as ooit tevore. Die toekoms hou niks werklik nuuts in nie. Dit is ironies dat juis die tegniek,

---

1) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 192.
2) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 26.
3) Del Corral: De ontvoering van Europa, p. 26.
4) Buber, M.: Das dialogische Prinzip, p. 251-252.
5) Mitchell, J. (red.): The God I want, p. 21.
6) Berkhof: Loc. cit.

waarvan die rasionalistiese Prometheus-mens sy heil verwag het, vandag die Weste met vernietiging bedreig. Met ondergang die enigste oortuigende toekomsbeeld, vlug die Westerse mens na die hede. "Was der Mensch tun kann, ist auf kurze Sicht. Er bekommt Aufgaben, aber keine Kontinuität seines Daseins. Seine Leistung wird zweckhaft vollbracht und ist dann erledigt ... Es wird ein Hinfliessen des Lebens ohne Erinnerung und ohne Voraussicht." 1)

Maar daar is geen hede sonder intrinsieke verwysings na verlede en toekoms nie: verlede en toekoms is in die hede aanwesig. 2) Waar die verlede 'n sinlose kom en gaan is en die toekoms net ondergang of uiters 'n herhaling en intensivering van die verlede kan wees, moet die hede ewe sinloos wees.

In die korte sesduisend jaar van die beskawingsgeskiedenis het die mens homself baie vrae gestel oor die sin van sy bestaan, en die antwoorde wat hy vir homself geformuleer het, het hy metterdaad gegee. Die geskiedenis is die verhaal daarvan.

In die afgelope tweeduisend jaar is die beskawing agtereenvolgens besiel deur die idee van die koninkryk van God, die Christendom, die mensheid, die vooruitgang, die evolusie en die tegniek. 3)

Die huidige tydsgewrig beleef die verval van die geloof in die rede en die tegniek as redder. 'n Gevoel van dakloosheid en fatalisme het hom van die mens meester gemaak.

Uit die massasterfte in die loopgrawe van die Eerste Wêreldoorlog, uit die verbitterde Franse verset teen die Duitse oorheerser in die Tweede, groei as logiese voortsetting die moderne eksistensialistiese filosofie en geskiedenisbeskouing met die dood as enigste toekomsbeeld. 4)

Die geskiedenisbeskouing, soos dit tot uiting kom in die huidige twee groot wêreldfilosofieë, te wete die kommunisme en die eksistensialisme, bevat vanuit opvoedkundige oogpunt albei 'n dodelike gif: die eerste eis opoffering van die gewete aan die kollektiwiteit, die tweede bied 'n toekomslose toekoms, 'n syn-ten-dode. 5)

(d) Die mens se ontmoeting met arbeid.

Die arbeidsliefde, wat so 'n besondere kenmerk van die Westerse

---

1) Jaspers: Die geistige Situation der Zeit, p. 40.
2) Luijpen: Existentiële fenomenologie, p. 330.
3) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 27.
4) Nader hieroor in paragraaf B (3)(f) van hierdie hoofstuk.
5) Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd II, p. 2.

beskawing is en waardeur op sowel geestelike as stoflike gebied so 'n hoë kultuur opgebou is [1]), is 'n belangrike aspek van sy lewensbeskouing. Die egtheid van die mens se lewensopvatting spreek nêrens so sterk as uit die arbeidsopvatting nie. Dit is nie soseer wat die mens sê wat hy is waaraan waarde geheg word nie, maar aan wat hy uit eie oortuiging en aanhoudend doen. [2])

Die hoë waarde wat aan arbeid geheg word, is eie aan die Joods-Christelike lewensbeskouing en is 'n uitvloeisel van die gebod om oor die skepping te heers en dit te onderwerp. Met die koms van die Renaissance se diesseitbeskouing, sy rasionalisties-positivistiese vooruitgangsverwagting en aardse utopisme, is hierdie agting vir arbeid grootliks verskerp. Die mens was nou vasberade om nog hier op aarde sy gelukstaat self te bou, en rede-gerigte arbeid sou die middel daartoe wees. Vanselfsprekend het dit tot verdieping in die natuurwetenskap en bygevolg tot wetenskaplike ontdekkinge en uitvindinge aanleiding gegee wat nuwe, kragtige werktuie in die mens se hand gelê het. Dit het die mens self ook nie onveranderd gelaat nie. [3]) Namate die tegniek verfyn is en die mens daardeur nie alleen sy omgewing nie, maar tewens homself verander het, het sy lewensopvatting wysiging ondergaan. [4]) In die eerste gloed van rasionalistiese optimisme het die mens gemeen om deur sy arbeid en veral deur die tegniek as verlengstuk en verfyning daarvan, die wêreld in 'n gelukstaat te omskep. Hy het uit die oog verloor dat hy nooit volkome heerser is nie, maar in wisselwerking met dit wat hy vorm, self gevorm word. Die tegniek het ten slotte in 'n soort menslike bonatuur verander. [5])

Die uitbreiding van die tegniek het die mens op die duur nie soos gehoop is, vryer gemaak sodat hy meer tyd vir sy persoonlike vorming sou hê nie. Oor sy geheel beskou bring die tegniek naamlik nie werkvermindering nie, maar werkverskuiwing. [6]) Die tegniek maak dit noodsaaklik om die arbeid in omvattende sisteme te organiseer; daardeur het dit die mens enersyds vryer gemaak deur sy beroepsmoontlikhede te vergroot, maar andersyds lei dit tot verstarring aangesien dit die enkeling reduseer tot 'n onderdeel van die groot geheel waarin hy nie op grond van die persoonlike nie, maar van funksionele eienskappe as lid gewaardeer word.

---

1) Vgl. Luijpen: Existentiële fenomenologie, p. 55.
2) Landman, W.A.: 'n Antropologies-pedagogiese beskouing van beroepsoriëntering, p. 78.
3) Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 189, 266, 316.
4) Ibid., p. 316-317.
5) Del Corral: De ontvoering van Europa, p. 275. Vgl. ook p. 339.
6) Zbinden: De bedreigde mens, p. 78.

Daardeur val die mens saam met sy arbeid: hy word beoordeel volgens die beroep wat hy beklee. Hy is sy dade en niks meer nie.

Hierdie versaakliking of verwerktuiging van die mens word aansienlik versterk deur een van die mees in-die-oog-lopende gevolge van die opkoms en gedurige verfyning van die tegniek: die buitensporige bevolkingsaanwas. Industriële ontwikkeling laat die stede steeds uitbrei, mense word opeengehoop en raak hoe langer hoe meer van 'n eenvoudige, natuurlike leefwyse vervreem. Terselfdertyd het die tegniek deur die maatskaplike mobiliteit wat dit meebring, 'n nivellerende invloed op mense. 1) Dit sou nie geregverdig wees om te beweer dat die tegniek self tot massifikasie lei nie, maar ongetwyfeld versterk dit die geleenthede daartoe. Deur sy gelykskakelende werking maak dit die buitengewone en die heldhaftige verouderd. Die uitsonderingspersoon wat deur die mag van sy voorbeeld ander kon verhef het, verdwyn. Die tegniek ontneem die mens sy vrye inisiatief: die groot man wyk voor die bekwame werker. 2)

Die mens se persoonlike lewe word van sy arbeidslewe geskei. Die fabriekswerker kan nie meer opgaan in die hom toegewese, dikwels fragmentariese arbeid wat meestal nie onder sy hand tot 'n voltooide geheel groei nie. Hy kan nie meer in sy arbeid gestalte kry en tot persoon uitgroei nie; hy word slegs 'n besielde werktuig. Vandaar die voortdurende aandrang op korter werkstyd: die individuele bestaan moet teenoor die arbeid gehandhaaf word. 3)

Die arbeid verloor in toenemende mate sy sin as middel tot selfverwerkliking en daarmee sy wesenlike betekenis. Die afstand tussen die wetenskaplik-tegniese wêreld met sy hoë peil van vervolmaking enersyds en die geesteskultuur met sy innerlike ontwrigting andersyds, word steeds groter. Die tegniek dra by tot die versteuring van die geestelike en sosiale lewe deur die magtige suggestiewe werking wat van sy prestasies uitgaan. Ook in die vryetydsbesteding kom dit duidelik na vore: die mens word ook daar aangegryp deur die bekoring van die tegniek. Hy raak verslaaf aan die suiwer passiewe ondergaan van alles wat die vermaakapparaat oor hom uitstort. Dit bly beperk tot 'n oppervlakkige sinneprikkeling; hy verslyt sy tyd in 'n roes van tegnies georganiseerde en gekommunikeerde prikkels wat geen skeppende en geestelike verwerking van hom eis nie. 4)

---

1) Vgl. Aron: De zin der geschiedenis, p. 209; Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 98.
2) Jaspers: Die geistige Situation der Zeit, p. 44.
3) Ibid., p. 52. Vgl. Stéphan, R.: Het Westen op de dwaalweg, p. 24-25.
4) Zbinden: De bedreigde mens, p. 81. Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd II, p. 18.

Vryetyd, wat vroeër die voorreg van weiniges was, is deur die tegniek aan almal beskikbaar gestel - maar van sy persoonlikheidsvormende potensialiteite beroof. In plaas van geleentheid tot geestelike verryking het die tegniek frustrasie, vervlakking en verveling gebring.

Die toenemende moontlikheid om die wêreld te beheers, verstik die mens se vermoë om hom oor die wêreld te verwonder. Na mate hy die wêreld deur sy tegniek meer "besit", is hy minder in staat tot dankbaarheid want dankbaarheid veronderstel die ontvang van 'n gawe en die wêreld is nie meer 'n gawe nie maar word verower. [1]) Saam met die besef van die gawe verdwyn die besef van die Gewer.

Die persoonlike en natuurlike wyk voor die meganiseringsproses. "Die wereld die door de techniek wordt opgetrokken, waarin de mens moet leven, is een exclusief mathematisch berekende; maar zij is leeg en klinkt hol. In de wereld van de techniek is er praktisch geen verschil meer tussen de dag en de nacht, en zijn er geen seizoenen meer. Het ritme van het leven wordt steeds meer het ritme van de machine. Daar binnen is de mens een 'functie' en zijn medemens 'ook-een-functie': samen-zijn wordt tot 'gecoördineerd functioneren', berekend door de psychotechnicus. De technocratie heeft de mens zijn <u>zelfheid</u> ontnomen ... Het verlies van persoonlijkheid is algemeen." [2])

Die tegniek is op die bevrediging van <u>materiële</u> behoeftes gerig: dit sien die mens net in sy aardse werksaamheid en vorm daarmee 'n gedetotaliseerde mens. Dit rig hom voorts veral tot die massa wat nie méér vra as die materiële nie. Die dringendste behoeftes van die massa is naamlik nie aan kulturele en metafisiese waardes, innerlike vryheid of selfontplooiing nie, maar aan bevryding van materiële behoeftigheid en aan 'n versorgde oudag. [3])

Die mens is in die moderne maatskappy reeds gekondisioneer tot arbeid, gehoorsaam aan die gemeenskaplike verlange na hoe langer hoe meer stoflike gerief en sekuriteit waarvoor hy bereid is om 'n sekere mate van persoonlike vryheid in te boet. [4]) Stoflike sekuriteit lei egter nie vanself tot vryheid nie, maar kan dit inteendeel ondermyn. [5])

---

1) Luijpen: Existentiële fenomenologie, p. 61.
2) Ibid., p. 63. Vgl. Jaspers: Die geistige Situation, p. 33.
3) Améry: Het moderne Westen, p. 135.
4) Fletcher: Leven zonder angst, p. 30.
5) Zbinden: De bedreigde mens, p. 48, 108.

Die mens besef tans die sinloosheid van vooruitgang op stoflike gebied alleen en sien in dat die utopistiese arbeidsoptimisme 'n dwaling was, maar hy is so verstrik in die wêreldomvattende tegnokratiese stelsel dat hy magteloos staan om sy selfgemaakte bande te verbreek. Die grondleggers van die utopisme "construed progress in terms of human happiness, and happiness in terms of economic welfare. They never dreamed that men could be comfortable and yet not happy, happy and yet not comfortable ... We may question whether all our mastery over physical nature and all the improvements that are the harvest of modern science have increased the sum of human happiness ... The measure of happiness is not ... material prosperity, but fulness of life." 1)

Dat die mens geluk as eensydig aards en dus deur middel van arbeid afdwingbaar gesien het, is te wyte aan die materialistiese diesseitbeskouing wat met die Renaissance begin het en tans sy lankvertraagde bankrotskap beleef.

Benewens die teleurstelling dat sy arbeid nie die verwagte geluk gebring het nie, sien die Westerse mens tans dat selfs sy fisieke voortbestaan deur sy eie tegniese skeppinge bedreig word. Die voorrang wat Europa bo ander volkere gehad het, stort ineen noudat die mensemassas in Asië die tegniese produksie- en strydmiddele oorgeneem het wat Europa ryk en magtig gemaak het. Die Europese tegniese vaardigheid het gemeengoed geword, en die onverbiddelike wet van oorheersing deur die kwantitatief sterkere bedreig tans die Westerse beskawing. 2) Spengler vestig in "Der Mensch und die Technik", 1931, die aandag op die "verraad van die tegniek" wat daarin bestaan dat die blanke volkere se industriële tegniek wêreldwyd bekend geword het en teen hulle gebruik word. 3) Die tegniese ontwikkelinge van die afgelope kwarteeu het die moontlikheid van die vernietiging van die Westerse kultuur en die uitwissing van 'n groot deel van die mensdom binne die perke van waarskynlikheid gebring. 4)

Met sy eensydige klem op arbeid en natuurbeheersing ten koste van moraal, het die Westerling 'n uiters gevaarlike toestand geskep waaroor hy by gebrek aan rigtinggewende beginsels skynbaar nie meer beheer het nie: die tegniek het die tegnokrasie geskep. "Europa, creatief bij

---

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 501-502.
2) Aron: De zin der geschiedenis, p. 141, 221.
3) Del Corral: De ontvoering van Europa, p. 344.
4) Vgl. Jaspers: Die geistige Situation, p. 183; Del Corral: Op. cit., p. 296.

uitstek, heeft zelf ook, direct of indirect, het grootste deel van zijn rampen gemaakt. Het grote gebrek van Europa moet dan haar heroïeke geest, haar jeugdige ijver en haar onvermogen om van iets af te blijven zijn. Europa is in de grond meer actie geweest dan wijsheid." 1)

Gedagtig aan die enge band tussen antropologie en pedagogiek, is dit begryplik dat die moderne arbeidsopvatting ook tot die opvoeding deurgedring het. Na mate die mens al hoe meer as 'n handelende wese beskou is, het die didaktiek ook aan aktiwiteit 'n toenemend-belangrike plek toegeken. Hiertoe het die moderne evolusionistiese denke bygedra: die mens ontwikkel deur interaksie met sy omgewing en die sleutel tot vooruitgang lê derhalwe in handeling en eksperimentering. So is die gees in Dewey se opvoedingsfilosofie nie 'n statiese entiteit nie, maar 'n deel van die mens se evolusionêre ontwikkeling, 'n "tool of adjustment", en die kind leer deur te doen. 2) Hierdie benadering het baie gedoen om die lewensvreemdheid van die skool te verminder, maar dit het te dikwels tot 'n eensydige beheptheid met handeling en arbeid gelei wat nie noodwendig tot geestelike ontwikkeling voer nie.

Dit is egter veral wat die opvoedingsmilieu betref dat die moderne arbeidsverstelseling 'n gevaarlike uitwerking het. Deur die huidige eise van die tegnologie het die gesin se bindkrag verval. Nie alleen oefen beide ouers in baie gevalle 'n beroep uit sodat hulle weinig tyd vind vir persoonlike kontak met die kind nie, maar deur die geweldige ontwikkeling van die tegniek en die heersende arbeidsmobiliteit is die ouer al hoe minder in staat om met sy kind op die gebied van die arbeid kontak te maak: daar ontstaan trouens telkens nuwe beroepe waarvan die ouer geen kennis dra nie. Sodoende word die natuurlike gesagsverhouding ondermyn.

Saam met die ouer as natuurlike voorbeeld verval ook die besielende heldefiguur. In arbeid en in oorlog is dit die apparaat wat die deurslag gee en nie meer die mens nie. 3) Tegniese bekwaamheid het belangriker geword as persoonlikheidseienskappe. Waar die onmisbare beeld van ideale volwassenheid verlore gaan, kan die kind se ontwikkeling nie optimaal verloop nie. Die vermeganisering van die arbeid laat die klem op die saak in plaas van die persoon val. Die mens word verobjektiveer en die vraag aan die opgroeiende kind is tans: "<u>Wat</u> gaan jy word?" in plaas van: "<u>Wie</u> gaan jy word?" Daarmee saam gaan die moderne suksesaanbidding

---

1) Del Corral: De ontvoering van Europa, p. 49. Vgl. ook p. 142.
2) Mayer, F.: A history of educational thought, p. 354. Vgl. ook Oberholzer: Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p. 244.
3) Vgl. Köhn-Behrens: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 99, 115.

wat die klem op die stoflike en dus meetbare lê in plaas van op die persoonlike. [1])

Dit is duidelik dat die moderne splyting van die mens in 'n arbeids- en 'n persoonlike komponent die kind se uitgroei tot persoonlikheid ernstig belemmer. In plaas van 'n sintetiserende en uitbouende het dit 'n splytende uitwerking.

(e) Die mens se ontmoeting met lyding.

Die vooruitgangsoptimisme wat tans die stadium van ineenstorting bereik, het die mens blind gemaak vir die verlede. Aan die ander kant het sy naïewe evolusionistiese toekomsvertroue hom ook in die steek gelaat, en so leef die moderne mens net op die smal lysie van die hede, sonder belangstelling in die verlede, sonder hoop op die toekoms. Toenemende kennis het in plaas van die verwagte geluk ontreddering gebring.

"Geleidelijkaan ontstaat ... het visoen van een planeet, eenzaam in de onmetelijke duisternis van de interstellaire nacht, waarop zich een verbazingwekkend gebeuren voltrekt, dat begint met het ontstaan van 'leven' in de vorm van protoplasma om in te treden in de stroom der evolutie. Daaruit duikt de mens op om zijn eigen verdwaasde spel te spelen, waaraan hij tenslotte weer onder zal gaan als hij niet bijtijds bang genoeg wordt om verstandig te worden; 'bijtijds', d.w.z. als hij zich dan nog uit de chaos van zijn suksessen redden kan." [2])

Die Christelike opvatting dat lyding jenseitsbetekenis het of die Griekse dat dit teen hubris behoed, het saam met die geloof in die gode en die jenseits verval. Lyding het steriel geword, 'n skok wat die bestaansgrond van die lewe laat wankel en alle sekerhede laat ineenstort, 'n krisis wat nie sinvol verwerk kan word nie. [3]) So word lyding 'n saak van die hede alleen, die onoplosbare skerp sandkorrel in die skrynerige slymvlies van die oester wat nie tot 'n pêrel verwerk kan word nie want daar is geen toekomsverwagting om glansryk daarop neer te slaan nie.

Rasionalisties gesien is dit die mens alleen wat sy heil uitwerk; dus ook wat die oorwinning oor lyding moet behaal. Met behulp van die tegniek is baie bereik om siekte te bestry, hongersnood te voorkom en feitlik alle ander vorme van liggaamlike lyding te verlig. Maar die feit dat lyding eerder toe- as afneem bewys vir die rasionalistiese mens dat hy nog nie in beheer is nie. Uit skaamte miskien, en om die

---

1) Améry: Het moderne Westen, p. 74.
2) Langeveld: Kind en religie, p. 54-55.
3) Jonker, H.: De mens in grenssituatie, p. 30.

genot van die hede nie te laat verdonker nie, trek die mens in die huidige tyd 'n gordyn tussen hom en lyding, probeer hy voorgee dat dit nie bestaan nie, insuleer hy homself daarteen. 1)

Die mens het veral arbeid en handeling as verdowingsmiddels teen lyding aangewend. Namate geweld toeneem, word hierdie ontvlugting van lyding egter nie meer houdbaar nie en omstandighede dwing hom om sy posisie in die wêreld onder die oë te sien. Hy sien ..."taken from him an invisible armour that unconditionally protected him, his dignity, his sanctity and his inviolability. Divested of his armour, he finds himself but a plaything in the hands of the most fortuitous forces. If he is useful for this or that, he may be treated decently and cared for as we care for a useful animal. If he is harmful, he can be 'liquidated' as we exterminate harmful snakes. No guilt, no crime, no valid reason, is needed for such a liquidation. The very existence of a man or group as an unintentional obstacle is enough to eliminate them ... Rarely, if ever, have even cattle been treated with such cynism." 2)

Die verdoeseling van lyding, ouderdom en dood vind sy keersy in die huidige verering van jeugdigheid en die oordrewe klem op seksualiteit as simbool van die lewe. 3)

Met die klem op jeugdigheid word die toenemende aantal bejaardes as 'n lastige "Fremdkörper" in die samelewing gevoel. 4) Twee omstandighede werk hier saam: die snelle toename van die aantal bejaardes val saam met die losser wording van die gesins- en familiebande en die verdwyning van die eertydse patriargale gemeenskap waarin die bejaardes natuurlike geborgenheid sowel as 'n opvoedingstaak ten opsigte van die opgroeiende geslag gevind het. 5) Veral in die stadslewe en ten gevolge van die nuwe woongebruike het die eertydse geborgenheid van die bejaarde in 'n baie groot mate verdwyn. Vir baie word die ouderdom 'n tyd van niksdoen en vereensaming, van die gevoel van nutteloos te wees, selfs van reeds opsy geskuif te wees as eerste stap na die naderende einde. Ouetehuise is 'n kunsmatige voorsiening en laat die bejaardes geestelik onversorg.

---

1) Vgl. Frankl: Homo patiens, p. 68.
2) Sorokin: The crisis of our age, p. 164.
3) Vgl. Améry: Het moderne Westen, p. 103.
4) Die gemiddelde lewensverwagting van die man het in die afgelope eeu van 36 tot 66 en dié van die vrou van 40 tot 70 jaar gestyg. Vgl. Zbinden: De bedreigde mens, p. 244.
5) Zbinden: Op. cit., p. 243.

Deur die bejaarde uit die alledaagse omgang en daarmee uit die opvoedingsmilieu te verwyder, word die opgroeiende kind 'n baie waardevolle voorbeeld ontneem. In die ouderdom is die mens in sekere sin reeds 'n afgeslote, vasstaande geheel en dan tree voortreflike eienskappe en karakterfoute duidelik aan die lig en dien as konkrete voorbeeld vir die kind in sy volwassewording. 1)

Die huidige kunsmatige afsondering van lydendes, siekes en bejaardes in inrigtings benadeel die kind se persoonlikheidsontwikkeling en is sielkundig een van die redes vir die moderne lewensangs. Angs is naamlik gewortel in die fisiologiese drang om die lewe te bewaar deur onttrekking aan 'n bedreiging 2), en is heeltemal iets anders as vrees, wat op 'n bepaalde herkenbare en dus bestrybare voorwerp gerig is. 3) Angs is nie op 'n bewus-gekende objek betrokke nie 4): dit is angs vir die <u>onbekende</u> en dit beroof die mens van sy inisiatief van optrede. 5) Vrees kan dus opvoedkundig positiewe betekenis hê, terwyl angs deurgaans 'n destruktiewe gemoedsbeweging is, menslike betrekkinge vernietig en samewerking onmoontlik maak. Dit tas tewens die werking van alle sintuiglike organe aan en verlaag die drempel van intelligensie. 6) Deur sekere synswyses soos dié van ouderdom, siekte en dood uit die kind se lewe te ban, neem hierdie synswyses in sy gees demoniese afmetings aan en belemmer die volle ontplooiing van sy persoonlikheid. 7) Deur dood en lyding te verdoesel, word dit aan die kind voorgestel as 'n nie-menslike synswyse en hy kan dus nie leer om dit te verwerk nie.

In die Middeleeuse samelewing het verminktes, melaatses en siekes in die strate geloop, die graftes het in die middel van die dorp om die kerk gelê. "De dood was, evenals de ziekte, voortdurend aanwezig. Van onze tijd kan men dit zeer beslist niet meer zeggen. De zieken zijn van het openbare leven weggevoerd. Zij liggen in ziekenhuizen of sanatoria. Bezoekt men deze centra van ziek zijn, dan bemerkt men gewoonlijk bijzonder weinig van ziekte en sterven ... Want de ernstige zieken komen op aparte kamertjes, zij zijn als het ware in het geheim ziek ... Ook voor de stervende zelf zoekt men de dood te camoufleren." 8)

---

1) Zbinden: De bedreigde mens, p. 249-251.
2) Fletcher: Leven zonder angst, p. 25.
3) Vgl. Luijpen: Existentiële fenomenologie, p. 353.
4) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 116.
5) Fletcher: Op. cit., p. 142. Vgl. ook Luijpen: Op. cit., p. 354.
6) Fletcher: Op. cit., p. 26.
7) Wijngaarden: Op. cit., p. 87.
8) Van den Berg: Het ziekbed, p. 15-16.

Hierdie verligting en verdoeseling van lyding en dood laat die lewe gelykmatiger en met minder skokke vervloei, maar psigologies is dit gevaarlik aangesien dit 'n verskynsel wat vrees behoort te wek en dus opvoedkundige waarde kan hê, tot iets angswekkends maak wat vernietigend werk op die persoonlikheid. 1) Die dood is die afsluiting en daardeur die belangrikste kwaliteit van die lewe; soos die bestemming sin gee aan die reis, maak die dood die lewe tot eenheid. Die mens se magteloosheid teen hierdie laaste en verskriklikste vyand dryf hom na God deur wie die dood oorwin is. Daarom is dit nie alleen vir die mens wat moet sterf skadelik as die dood vir hom verdoesel word nie, maar ook vir die opgroeiende jongmens wat dan nie belewe hoe die dood die natuurlike en sin—gewende afsluiting van hierdie lewe is nie. 2) Ook Nietzsche wys op die veredelende invloed wat van lyding uitgaan 3), en Perquin som die betekenis van lyding soos volg op: "Niet de held is het ideaal van de mens, maar hij, die de ernst en de verschrikking van het leven kan verdragen en opheffen tot het zinrijke. Er is geen grotere vorm van volwassenheid denkbaar dan die, welke het leed kan begrijpen. Een dergelijke aanvaarding van het lijding is de laatste voorbereiding op de genade, zij doet Christus aan het kruis begrijpen." 4)

Die angsvallige vermyding van dood en lyding wat die gedagtes na die dood voer, spruit uit die heersende diesseit-lewensopvatting waarvolgens die dood die finale einde van alles is. Waar lyding 'n inherente aspek van die bestaan is, word die jongmens daardeur van 'n noodsaaklike vormende invloed beroof.

(f) Die mens se ontmoeting met die sinvolle.

(i) Filosofie en religie as neerslag van die sinvolle. Die mens is die wese wat op waardes gerig is, wat weet dat sy lewe slegs dan sin kan hê as dit in diens van waardeverwesenliking staan. Daarom soek hy bewus en opsetlik na waardes, na die goeie, na die sinvolle. Die gedagtes oor die waardevolle vind hulle neerslag in religie en filosofie, en om die waardevolle in sy lewe te verwerklik maak die mens onder meer van opvoeding gebruik. Vandaar die onafskeidelike verstrengeling van etiek (die gedagtes van religie en filosofie oor die sedelik-waardevolle), antropologie en opvoeding.

---

1) Van den Berg: Het ziekbed, p. 16-17.
2) Vgl. Vloemans, A.: De mens als waagstuk, p. 243-244.
3) Vloemans, A.: Nietzsche, p. 26.
4) Perquin, N.: Pedagogiek, p. 81.

Die mens kan nie soos die dier gedagteloos lewe nie: hy wil weet waarom dinge so is en wat die sin daarvan is. [1]) Die vraag na die goeie, na die misterie van die oergrond en die bestemming van die mens lei óf na die religie óf die filosofie. Hoewel religie en filosofie belangrike verskille vertoon sodat hulle dikwels as antagonisties voorgestel word, toon hulle groot ooreenkoms in dié opsig dat albei uitvloeisels van die mens se soeke na die sinvolle is. By albei is daar die oortuiging dat daar 'n bestaanswyse is wat die mens nie veroorsaak nie, maar vind. [2])

Die wysbegeerte is by sy begin nog nie 'n wetenskap nie. In sy aanvang is die filosofie profesie, en in sy diepte bly hy dit. Die profeet styg bo die massa uit om die weg na die heil te wys. As eerste voltrek hy die oorgang van gewoonte-wete na begrypende insig. [3]) By sy oorsprong regeer die intuïtiewe denke oppermagtig in die wysbegeerte, maar altyd tref mens ook reeds die begin van logies-verantwoorde vormgewing aan. [4]) Die filosofie gaan dan voort om langs rasioneel-verantwoordbare riglyne 'n verklaring van die sinvolle te soek; dit probeer om die veelheid tot 'n sekere eenheid te bring, om strukture te ontdek. [5])

Die religie, daarenteen, vind sy kennis van die goeie in die Godsopenbaring, wat bo-redelik is en uit hoofde daarvan nie logies verifieerbaar nie. Filosofie en religie het albei hulle oorsprong in die begeerte om die sinvolle te vind. Hulle soek die antwoord op hulle vrae langs verskillende weë, maar kom dan weer ooreen met hulle eis om inset en verwerkliking: omdat die waarheid wáár is, moet dit erken en uitgeleef word.

Uit hoofde van die eis van verifieerbaarheid wat die wysbegeerte aan homself stel, behoort dit die eerste en laaste dinge, die onkenbare en onverifieerbare, aan die teologie oor te laat, die wetenskap van die openbaring van God Self en sy werke. [6]) Sonder om verteologiseer te raak, mag die filosofie nie die onkenbare oorsprong en eindbestemming van die mens aandurf nie.

Die Westerse mens het hom met sy aardgerigtheid hoofsaaklik tot die filosofie gewend in sy soeke na die waardevolle. "Die filosofie van die Weste was in sy grootste omvang 'n nadenke en 'n besinning oor die stoflike wêreld, veral wanneer 'n mens in gedagte hou dat 'n aansienlike fraksie

---

1) Vgl. Luijpen: Existentiële fenomenologie, p. 65.
2) Nettleship, R.L.: The theory of education in Plato's Republic, p. 118-9.
3) Vloemans, A.: De Voorsokratici, p. 5. 4) Ibid., p. 85.
5) Luijpen: Op. cit., p. 46.
6) H.G.Stoker: Wysbegeerte in Coetzee, J.C. & Van Rooy, D.J.: Beginsels en metodes van die hoër onderwys, p. 71. Vgl. Stoker: Die betekenis van die mens as beeld van God vir die wysgerige antropologie in Oberholzer, C.K.: Homo Viator, p. 31; Spier: Calvinisme en Existentie-philos. p. 222.

van die transendensie-bespieëling tog maar oprys as afronding van die fisiese ... Daar is wellig geen merkwaardiger onderskeid tussen Oosterse en Westerse denke en wysbegeerte, as die konsentrasie van die hoër denke op die mens by die eerste en op die natuur by die tweede." 1)

Met die oog op die mens se dubbelpolige synswyse as liggaam-en-gees, as op die aarde bo-aards, sal die opvoeding kennis moet neem van beide die filosofiese en religieuse waardebeskouings van sy tyd. In opvoedkundige sin vorm die opvattinge oor die sinvolle die geestelike milieu waarin die kind opgroei.

Die Christen beskou sy religie as die gevolg van 'n openbaring van God wat geldig is vir alle tye. Veranderende omstandighede kan dus geen wesenlike wysiging bring in die mensbeeld wat in die Heilige Skrif vorm aanneem nie: dit kan slegs besondere aspekte van sy menswees beklemtoon of ander in die skadu laat tree. Die bekende Christelike mensbeeld kan voorts in 'n tyd van diesseitgerigtheid en materialisme soos die huidige weens gebrek aan belangstelling heeltemal op die agtergrond tree. Dan gebeur dit dat die religie as 'n mislukking afgeskryf word. Die huidige tyd word byvoorbeeld daardeur gekenmerk dat die invloed van die Christendom onder die kultuurvolkere langsaam maar seker afneem. 2) Volgens die kwantifiserende natuurwetenskaplike maatstawwe is die Christendom nie 'n sukses nie. Uit die oogpunt van die vooruitgangsoptimisme het die Christelike leerstellinge en mensbeeld teen die raam van die huidige tydsomstandighede 'n dwase anachronisme geword. Vir die moderne mens met sy eensydige diesseitverwagtinge en sukseskultus het die evangelie dwaasheid geword. "Wat de evangeliën prediken is immers geen toekomstige verbetering van onze aardse verhoudingen, maar het plotselinge komen van het godsrijk, tegenover het rijk van deze wereld. De innerlijke voorbereiding voor het laatste oordeel door berouw en boetedoening is de enige ware 'godsdienstige opvoeding', ... De verlossing kan niet worden verworven door een geleidelijke ontwikkeling van onze natuurlijke aanleg, maar slechts voorbereid door een besliste bekering ... Het christendom heeft niet, zoals de moderne godsdienst van de vooruitgang, een perspectief geopend op een onbepaalde toekomst ... Het christendom heeft nooit 'vooruitgang' geboekt, omdat de godsdienstige vooruitgang van een christen is gelegen in de navolging van Christus - en Christus bekommerde zich niet om wereldse hervormingen." 3)

1) De Vleeschauwer, H.J.: Peri fuseos <u>in</u> Oberholzer: Homo viator, p. 49-50.
2) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 21.
3) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 104-105.

Dit is begryplik dat die Christendom vir die moderne vooruitgangsgelowige en suksesaanbidder as 'n mislukking moet voorkom. Vir die meerderheid mense het religie tans sy waarde verloor, en waar religie verlore gegaan het, kan nog net bygeloof heers - of filosofie. 1) Hoewel bygeloof en atavistiese drange diep in die gees van die mens lê, kan dit, weens die hoë peil van die algemene intellektuele ontwikkeling, nie tans weer maklik tot 'n godsdiens uitgroei nie. Die mens is dus aangewese op filosofie om vir hom die sin- en die waardevolle te vertolk. En aangesien die hedendaagse mens 'n diesseitmens is, moet die filosofie voldoen aan die diepe lewensnood van die mens se aardse bestaan: dit moet 'n lewensprogram wees; filosofie en antropologie moet saamval.

Die verplasing van die swaartepunt van belangstelling van religie na filosofie het, soos verwag kan word, sy oorsprong in die Renaissance. Die oorgangsperiode van die Middeleeuse na die moderne wysbegeerte lê ongeveer tussen die jare 1300 en 1600 n.C. toe die Renaissance, die Humanisme, die Reformasie en die opkomende natuurwetenskappe al hoe meer die bande van kerklike en antieke outoriteite verbreek en die jenseits- met 'n diesseitsblik vervanghet. Daar was 'n nuwe waardering vir hierdie wêreld, vir die tydelike dinge en vir die mens-in-die-wêreld. In plaas van die primaat van die geloof kom die primaat van die rede en waarneming. In die 19de eeu lei dit in sy verlenging tot twee hoofrigtings: die spekulatiewe idealisme van Hegel (met die klem op die idee) en die positivisme van Comte, wat die klem op die feite lê. Beide stel die mens in sy soeke na geluk teleur: "Die idealisme verloor die wêreld en verdwaal in sy sin, die positivisme behou die wêreld, maar verloor sy sin." 2)

As grondtendens het die moderne wysbegeerte humanisme en individualisme. Hierop ent Bergson sy kreatief-evolusionistiese vitalisme en uit hierdie dinamiese siening ontwikkel onder meer die eksistensialisme, die jongste mode-filosofie. Met sy irrasionalistiese opvattinge is die eksistensialisme 'n reaksie teen die voorafgaande denkrigtings: dit vervang die primaat van denke (idee) en waarneming (feite) deur die primaat van dinamiek (eksistensie). Die vooruitgangsgeloof het in sy logiese ontwikkeling gelei tot 'n filosofie van die dinamiek.

(ii) <u>Die Eksistensie-filosofie, 'n kort oorsig</u>. Die eksistensialisme sluit antiteties by die vryheidsidealisme van Hegel aan en vind sy

---

1) Jaspers: Die geistige Situation der Zeit, p. 128.
2) Stoker: Wysbegeerte <u>in</u> Coetzee & Van Rooy: Beginsels en metodes van die hoër onderwys, p. 73.

voedingsbodem in die humanistiese ideaal van die outonome menslike persoonlikheid. [1])

Ná die ondergang van die Middeleeuse wêreld het die mens nuwe sekerheid vir sy bestaan gevind in die opvatting dat hy as beeld van God in die eerste plek as <u>redelike</u> wese gesien moet word. Hy kon dus sy bestaan grond op die refleksiewe sekerheid van die verstand. Die omwenteling wat hom tans voltrek, kan daarmee beskou word as 'n "krisis van die rede." Dit is nie 'n krisis wat sonder 'n voorafgaande aanloop ontstaan het nie. Die moontlikheid daartoe het reeds in die mens se bevryding deur die Renaissance gelê, wat nie die mens se totaliteit nie, maar slegs sy <u>rede</u> gesien het as die band wat hom met die wêreld, met God en sy medemens verbind. [2])

Hierdie terugtrekking op die rede alleen lei tot 'n vereensaming van die mens waarvoor geen oplossing gevind kan word nie. Namate dit duidelik word dat die vraag na die wese van die mens nie vanuit die rasionalistiese mensbeskouing bevredigend beantwoord kan word nie, maak die filosofie 'n verdere skerp wending na die antropologiese. In plaas van die "abstrakte", as rede-wese beskoude mens wat sy ontstaan in die Renaissance gehad het, tree nou die konkrete, sinnelik-liggaamlik eksisterende mens in die middelpunt van die filosofie. [3]) Dit is derhalwe 'n swenking weg van die rasionalisme af, maar dit beperk hom nog meer as tevore tot die humane vlak. Die eksistensialisme is egter nie net 'n reaksie op die rasionalisme wat in die idealisme gekulmineer het nie, maar ook op die materialisme wat 'n logiese uitvloeisel is van die diesseitlewensbeskouing wat met die Renaissance ingetree het. Idealisme en materialisme laat albei die werklikheid verdwyn deurdat dit onderskeidelik die saak en die subjektiwiteit onderdruk. [4]) Die eksistensialisme wil die mens weer in die eenmaligheid en konkreetheid van sy eksistensie in ere herstel in plaas van hom in die afgerondheid van die sisteem te laat verdwyn.

Aangesien hierdie studie vanuit opvoedkundige en nie vanuit filosofiese oogpunt nie onderneem word, sal van die eksistensie-filosofie vervolgens slegs daardie hooftrekke aangedui word wat opvoedkundig van belang is.

---

1) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 10.
2) Vgl. Landgrebe, L.: Moderne filosofie, p. 24.
3) Ibid., p. 25.
4) Van Peursen, C.A.: Riskante filosofie, een karakteristiek van het hedendaagse existentiële denken, p. 85.

Die eksistensialisme is 'n reaksie teen die destyds heersende idealisme en positivisme, maar dit bly, soos aangetoon, op dieselfde humanistiese vlak. Idealisme sowel as positivisme vermoor die enkeling: hulle weier om die feitlik-eksisterende, individuele mens selfstandige betekenis toe te ken en laat hom opgaan in 'n bo-menslike totaliteit - die staat of die samelewing. 1) Dit is as verset teen hierdie moord op die enkeling dat die eksistensialisme ontstaan; daarom stel dit die individu in sy konkrete situasie sentraal.

(iii) Enkele hooffigure van die Eksistensiefilosofie. Die opstand teen die gelykmakende verstelseling word ingelei deur die Deense teoloog SÖREN KIERKEGAARD (1813 - 1855). Hy verfoei die sistematisering van die mens en plaas daarteenoor die anti-sosiale, die subjektief-individuele. 2) Hy stry vir 'n meer heroïese opvatting van die Christendom; sy stryd is teen die verstelseling wat uitgaan van die sistematiese wysbegeerte en teologie. 3) Hy verkondig daarom die opstand van die enkeling, die eksistensiële mens-van-vryheid wat die moed het om nie sy vastigheid in algemene reëls te soek en sodoende aan sy ware eksistensie te probeer ontvlug nie. 4) Slegs as individuele subjek, ontdaan van alle wetmatigheid, kan die mens in betrekking tree met Christus en daarmee in kontak met die ewigheid, waardeur sy lewe heeltemal omgevorm word. "Het gaat er om, een volmaakt menselijk leven te leiden; het gaat er om, dat men zijn existentie verwerkelijkt, dat men zich losrukt uit het spinneweb der abstractie en op zoek gaan naar de enige idee, die aan leven en dood zin geeft. Uitgangspunt en grondslag is de existentie van de enkeling." 5) Die mens kan slegs dan in 'n wesenlike relasie tot God staan as hy afstand doen van alle wesenlike relasies tot iets anders: wêreld, gemeenskap, medemens. 6) Kierkegaard bring die geloof in noue verband met die menslike eksistensie. Glo en gelowig-word is vir hom die hoogste en mees intensiewe wyse van menslik-eksisteer. 7)

Die opstand van die enkeling teen die sisteem, wat deur 'n gelowige Christen ingelei is, word voortgesit deur die Duitse filosoof FRIEDRICH NIETZSCHE (1844 - 1900). Die tweeledige band wat hierdie

---

1) Pedersen, O.: Van Kierkegaard tot Sartre, p. 42.
2) Spier: Calvinisme, p. 13. Vgl. Jonker: De mens in grenssituatie, p.100.
3) Delfgaauw: Wat is Existentialisme? p. 13.
4) Spier: Op. cit., p. 14. Vgl. Meyer, P.J.: Tussen iets en niks, p. 17.
5) Pedersen: Op. cit., p. 51.
6) Buber: De vraag naar de mens, p. 104. Vgl. Meyer: Op. cit., p. 20.
7) Zuidema, S.U.: Kierkegaard in Denkers van deze tijd I, p. 16, 19.

oortuigde ateïs en Christenhater met Kierkegaard verbind, is die irrasionalisme wat die rede sy oppergesag ontsê en die feit dat albei op die mens konsentreer, sodat filosofie vir hulle sy spekulatiewe karakter verloor en met antropologie saamval.

Die oormag van die verstelseling ten koste van persoonlike betrokkenheid lei by Nietzsche tot die bewering: God is dood. Daar is geen ware Christendom meer nie. Wat nog as die Christendom bekend staan, het met die oorspronklike lewensmag, met die besielende krag van Christus se woord en voorbeeld niks meer te doen nie. 1) Aangesien die hoogste waardes daarmee ongeldig geword het, het saam met die wet ook die sonde verval en die moderne mens se lewensbeskouing mond dus uit in nihilisme. 2) "God is dead in the hearts of men, science and rationalism have killed him; but without God the universe is without meaning ... The disappearance of God has meant the disappearance of everything for which he was responsible. The basis of all moral judgement, of all notions of right and wrong and of good and evil, has been removed. Modern Europe is falling through a void." 3)

Noudat God vir die Westerse mens nie meer bestaan nie, is die mens eers werklik vir sy dade verantwoordelik want daar is geen hoër mag meer wat hom kan dwing of wat kan ingryp nie. Om die lugleegte van die gestorwe god te vul, poneer Nietzsche die Uebermensch, die gevoellose geweldenaar, aan geen tradisie of moraal gebonde nie. Die alledaagse, geminagte mens is 'n kuddedier en leef volgens die deemoedigende "slawemoraal" van die Christendom. 4) Teenoor hom stel Nietzsche die supermens wat deur 'n "heremoraal", die wil tot mag, aangedryf word. Omdat daar geen god is nie, is hy absoluut vry en net aan homself verantwoordelik.

Aangesien die humanisme in sy diepste die verloëning van die gekruisigde Christus as Verlosser van die wêreld is, kan Nietzsche as 'n radikale humanis gekarakteriseer word. Dit gaan by hom nie om God nie, maar om die mens en die eie individualiteit. 5) Vandaar sy oproep: "Sei ein Mann und folge mir nicht nach, sondern dir, sondern dir." 6)

Soms is die Uebermensch vir Nietzsche 'n geniaalbegaafde persoonlikheid wat sy eie reg ten volle teenoor die massa sal laat geld, soms

---

1) Vloemans: Nietzsche, p. 103. Vgl. Jonker: De mens in grenssituatie, p. 64.
2) Van Riessen, I.H.: Nietzsche in Zuidema: Denkers van deze tijd I, p. 82.
3) Hollingdale, R.J.: Inleiding tot Nietzsche: Thus spoke Zarathustra, p. 10. Vgl. Meyer: Tussen iets en niks, p. 22-23.
4) Vgl. Vloemans: Op. cit., p. 72-73. Vgl. ook p. 21.
5) Van Riessen: Op. cit., p. 66. Vgl. ook p. 104.
6) Vloemans: Op. cit., p. 91.

word hy gesien as simbool van 'n toekomstige menseras wat deur evolusie en eugenetika sal ontstaan. 1) Willekeurig en volkome vry, is die supermens aan geen wet gebonde nie: hy is sy eie wet en slegs aan sy verhewe Herrenmoral verantwoordelik. In wese is die huidige mens 'n embrio van die mens van die toekoms. Hy is 'n mens uit die oorgangstyd en hy moet die toekomstige mens skep uit die stof wat hy self is. Die mens is vir Nietzsche iets vloeiends en kneedbaars en hy kan van homself maak wat hy wil. Die huidige mens is nie 'n doel nie, maar slegs 'n weg, 'n insident, 'n brug, 'n oorgang, 'n groot belofte. Nietzsche beskou die toekoms as iets wat van die mens afhang en waarvoor hy alleen verantwoordelikheid aanvaar. 2) Die mens se evolusie het naamlik dié stadium bereik waar dit nie verder aan die toeval oorgelaat kan word nie, maar voortaan bewus deur homself beheer moet word.

As die mens in volle vryheid sy toekoms in sy hande het, kry die opvoeding vanselfsprekend groot betekenis: dit is die belangrikste manier waarop die mens hom in die toekoms vorm. 3)

\+ + + + +

Teen die hierbo gesketste wysgerige agtergrond moet die moderne eksistensialistiese filosofie gesien word: 'n hartstogtelike opstand van die enkeling teen elke vorm van gesag en verstelseling. Dit sou egter eers in 'n veranderende kultuursituasie méér word as die opstand van 'n paar enkelinge en tot 'n modefilosofie opvlam. Hiervoor was veral die georganiseerde massaslagting van die afgelope twee wêreldoorloë verantwoordelik wat aan die mens sy volkome onmag teen die sisteem tuisgebring het, selfs waar dit op sy algehele vernietiging besluit het.

Ter wille van oorsigtelikheid en omdat hier nie 'n verslag van eksistensialistiese denkers nie, maar 'n oorsig van die eksistensialistiese antropologie beoog word vir sover dit vir die opvoedkunde betekenis het, kan volstaan word deur na slegs twee ander verteenwoordigers te verwys.

MARTIN HEIDEGGER (1889 - ) se filosofiese werk verskyn teen die agtergrond van die ineenstorting van die rasionalistiese vooruitgangsgeloof in die jare na die Eerste Wêreldoorlog, en teen die daaropvolgende toenemende verval van die enkeling in die kollektiviteit.

---

1) Vloemans: Nietzsche, p. 53.
2) Buber: De vraag naar de mens, p. 56-57.
3) Vgl. Vloemans: Op. cit., p. 31.

Die mens bestaan ooreenkomstig Heidegger se beskouing saam met dinge en mense van wie hy afhanklik is en hy is geneig om homself steeds onbewus met ander te vergelyk, of liewer met die groue massa waarin die ander saamsmelt, die vreemde, onpersoonlike mag wat Heidegger "Das Man" (die "hulle") noem. Enkelinge is slegs magtelose selle van hierdie magtige diktator van die menslike bestaan. 1)

Hierdie valse bestaanswyse is die algemeenverbreide lewenshouding van die groot massa wat eie verantwoordelikheid ontvlug en vrywillig eie vryheid prysgee. Die mens is nie meer homself nie; hy waag dit nie meer om ooreenkomstig sy eie subjektiwiteit te lewe nie: Das Man is sy norm. 2) Hy kies nie meer in vryheid nie, maar laat ander - ook die wetenskap - namens hom kies. Sy lewenshouding is 'n vlug vir verantwoordelikheid. Hy voel geborge in die naamlose, gesiglose massa, maar dan oorval angs hom plotseling. Die dinge in die wêreld verloor ineens hulle belangrikheid en hulle betekenis. Die mens ontdek sy volstrekte eensaamheid waarin die werklike wêreld in al sy sinloosheid openbaar word. Hy ontdek dat hy in die grond nie "tuis" in hierdie wêreld is nie, hy besef sy wêreldvreemdheid. In die angs waartoe dit lei, ontdek hy dat hy nie homself is nie maar dat hy bepaal word deur die feitelikheid waarin hy gewerp is. Hy is vervreemd van homself en gaan op in 'n meelewe met die uiterlike wêreld. Maar juis omdat hy in die angs hierdie lewenstruktuur deurskou, stel dit hom tegelykertyd voor 'n keuse: hy kan hierdie struktuur erken en die tragiek van sy lot op hom neem - of hy kan weier om sy ware wese te erken en dieper wegvlug in die uiterlikheid van die wêreld.

Die ware syn, die werklike bestaan, is derhalwe die erkenning van die tragiek van die mens. Gewerp in 'n vreemde en vyandige wêreld waarvan hy in angs die sinloosheid deurskou, is hy nogtans gedwing om steeds te handel omdat hy nie anders kan nie as om homself na die toekoms te transendeer. Hy is reddeloos uitgelewer aan hierdie sinlose wêreld omdat die uiterlikheid, die valse manier van lewe, onherroeplik 'n kenmerk van sy bestaan is. 3)

Die mens voer volgens Heidegger 'n uitsiglose bestaan. Hy is steeds wordend, maar in sy wording is hy onderweg na sy uiterste moontlikheid, die dood. Hy sterf van sy geboorte tot aan sy dood.

---

1) Pedersen: Van Kierkegaard tot Sartre, p. 71.
2) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 34.
3) Delfgaauw: Wat is Existentialisme? p. 77-78.

Die valse syn probeer die dood wegdink, maar die ware syn aanvaar dit as bepalend vir al sy moontlikhede. Die dood as uiterste moontlikheid openbaar hom egter as die niks. "De mens ziet zich alleen geplaatst tegenover het niets. Daardoor beseft hij, dat al zijn ontwerpen niets zijn. Hier ligt ook de eigenlijke vrijheid van de mens: zijn dood te aanvaarden of te ontvluchten: Freiheit zum Tode." 1) Die wese van die angs bestaan daarin dat dit die dood en die niks as dieselfde openbaar. Die mens wil sy eie syn in sy hande neem, hy wil die toekoms bepaal, maar hy is nie daartoe in staat nie: hy is alreeds bepaal deur die faktisiteit van die verlede en hy ontdek tewens sy volstrekte eindigheid. Hierdie onmag word deur die mens as skuld aangevoel omdat hy self die oorsaak daarvan is deurdat hy 'n bestaan aanvaar wat hy deur ander aan hom laat voorskryf. "De nietigheid is constituerende kenmerk van de mens, al zijn ontwerpen zijn nietig; dienen tot niets." 2)

Hierdie opvatting van skuld het niks te doen met die Christelike sondebesef nie: dit lei slegs tot 'n vrywillige aanvaarding van die noodlot, en so slaan die humanistiese vryheidsleer om in bodemlose pessimisme, in 'n nietigheidsleer, in 'n onaflosbare skuldgevoel. 3) Die lewe het geen ewigheidsprojeksie nie en vir die mens is daar hoogstens die trotse berusting in sy onherroeplike vernietiging. Die niks is vir Heidegger die volstrekte sinneloosheid van alles en angs is die besef van hierdie sinneloosheid. Uit die angs is egter geen uitweg nie: mens kan dit slegs moedig onder die oë sien - of dit probeer ontvlug deur onder te dompel in die onnadenkende Das Man. Slegs die dood kan die mens bevry van sy valse bestaan,onderworpe aan die diktatuur van Das Man: die dood is sy enigste uiteindelike moontlikheid, en so word die hele menslike bestaan 'n Sein-zum-Tode. 4)

\+ + + + +

Kierkegaard wend hom van die medemens af om as enkeling met God in relasie te tree. Nietzsche verag die medemens en ontken die bestaan van God: hy sien die mens onderweg na homself as supermens. By Heidegger het die reduksieproses reeds verder gegaan: die mens is onderweg na die niks, hy word deur die angs daaraan herinner dat hy 'n valse lewe voer, maar hy is magteloos om iets daaraan te doen. Hy is geroepe om sy moont-

---

1) Delfgaauw: Wat is Existentialisme? p. 78-79.
2) Ibid., p. 80. Vgl. Zuidema: Heidegger in Denkers van deze tijd II, p. 60.
3) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 39.
4) Pedersen: Van Kierkegaard tot Sartre, p. 73.

likhede te verwerklik, maar alles eindig in die dood, die Niks. [1]
"De mens waarover Heidegger spreekt, is ... uitgaande van Kierkegaard een grote beslissende stap verder gegaan in de richting van de afgrond waar het niets begint." [2]

\+ + + + +

Intussen gaan die verstelseling van die mens en die vertegnisering van menslike mag voort. Na die Tweede Wêreldoorlog staan die mens nie slegs op 'n materiële nie, maar ook op 'n geestelike puinhoop: hy is reddeloos aan vertwyfeling oorgegee. [3]

Die mees verteenwoordigende stem wat die wanhoop van die huidige tyd verklank, kom uit Frankryk, waar die materiële verwoesting van die oorlog en die lyding van die na-oorlogse jare gepaard gaan met 'n besondere soort sieleleed wat uit 'n roemlose nederlaag en verraderlike medewerking met die vyand spruit. Dit lei die weerstandsvegter JEAN-PAUL SARTRE daartoe om die bestaan van God te ontken en alle verantwoordelikheid op die mens self te plaas. [4]

Vir Sartre (1905 - ) is die mens se bestaan 'n mislukking, 'n nuttelose hartstog. Daar kan geen menslike opregtheid wees nie want getrouheid impliseer onveranderlikheid en die mens is steeds in wording. Die mens is steeds wat hy nie is nie, en hy is nie wat hy is nie. Daardeur is die mens volstrek vry en kan daar nooit 'n vasstaande oordeel oor hom wees nie. [5]

Sartre se mens is nie deur God geskep nie, want daar is geen God nie: hy is 'n mens wat homself elke oomblik skep en wie se essensie as resultaat uit sy eksistensie voortvloei. Hy dra alleen ál die verantwoordelikheid. [6] Die mens is in wese self niks: hy <u>is</u> wat hy <u>doen</u>. In sy innerlike kan hy niks ontmoet wat hy nie self gedoen of gedink het nie. Sy dade bepaal hom. In sy siening van die mens as wordende wese lê Sartre sterk klem op handeling. Binne 'n bepaalde konkrete situasie het die mens volkome vryheid: hy kies en skep homself. Die mens is dus vry, maar hy kan nogtans nie doen wat hy wil nie. Nietemin is hy vir sy

---

1) Pedersen: Van Kierkegaard tot Sartre, p. 75.
2) Buber: De vraag naar de mens, p. 108.
3) Vgl. R. Weltsch <u>in</u> Kohn, H.: Martin Buber, p. 451.
4) Ibid., p. 452.
5) Albérès, R.M.: Sartre, p. 111-112.
6) Améry: Het moderne Westen, p. 29.

dade verantwoordelik. [1] Daarmee belas Sartre die mens met 'n verskriklike verantwoordelikheid. Nogtans bied sy filosofie onbegrensde toekomsmoontlikhede: solank die mens leef, het hy nog altyd die moontlikheid om homself as 'n ander persoon te kies. Die mens skep nie alleen sy eie wet nie, maar deur sy handelinge ook die wêreld en daarmee is hy absoluut vir sy dade verantwoordelik, verantwoordelik aan homself. [2] Volgens hierdie ekstreem-individualistiese vryheidsdogma dra die mens in sy verlatenheid volle verantwoordelikheid en kan hy sy heil net van homself verwag. [3]

Uit hierdie besef van volkome vryheid en die wete dat die mens steeds oor sy eie eksistensie moet besluit, kom angs voort - 'n onontvlugbare angs, want dit is 'n korrelatief van die vryheid. Net soos die mens vryheid is, is hy ook angs, want die volkome vryheid stel hom voor sy volkome verantwoordelikheid. [4] Die mens hoef nie vryheid te verwerf nie: hy is daartoe gedoem. [5] Deurdat hy homself deur sy keuses en handelinge skep, vorm hy tegelyk ook ander mense want hy skep immers die beeld waarvolgens hy meen dat die menslike bestaan gevorm moet word. So word die mens vir homself en vir ander verantwoordelik.

Die absurditeit van 'n bestaan waarin die mens gewerp is maar nogtans voor verantwoordelik is, word bekragtig deur die dood. Eers deur die dood val die mens met homself saam: dan word hy nie meer nie, dan is hy sy verlede want hy het geen toekoms meer nie.

Met die medemens is daar vir Sartre uit hoofde van sy absolute subjektivisme geen ander verhouding as konflik moontlik nie. Nogtans is die mens vir die ontplooiing van sy vryheid op die wêreld en die medemens aangewys. Die mens is geneig om deur sy blik sy medemens te veruiterlik, dit wil sê tot 'n objek te maak, tot 'n wese wat so en so is en nie meer word nie. Ander mense is weer geneig om hóm as objek te sien. In die samelewing met die medemens is daar dus 'n voortdurende dialektiek - tussen die sien (ek maak ander tot objek) en die gesien word (die ander maak my tot objek). [6] Ten opsigte van die medemens, wat vir hom 'n duiwel is, is daar slegs twee verhoudinge moontlik: die sadistiese waarin hy oor die medemens heers, of die masochistiese

---

1) Améry: Het moderne Westen, p. 31.
2) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 69. Vgl. Albérès: Sartre, p. 6, 15.
3) Zuidema: Sartre in Denkers van deze tijd I, p. 282-283.
4) Delfgaauw: Wat is Existentialisme? p. 102. Vgl. Meyer: Tussen iets en niks, p. 42; Van Peursen: Riskante filosofie, p. 97, 122.
5) Vgl. Pedersen: Van Kierkegaard tot Sartre, p. 105.
6) Gunter: Opvoedingsfilosofieë, p. 260. Vgl. Van Peursen: Op. cit.,p.56.

waarin hy toelaat dat die medemens oor hom heers. Ware gemeenskap is daar nie. [1] Die mens probeer nogtans gedurig maar vrugteloos om een te word met die ander, maar selfs in die liefde is daar geen ander moontlikhede as sadistiese oorheersing of masochistiese onderwerping nie.

Sartre verwerp die moontlikheid van die bestaan van God heeltemal: God is net "die eensaamheid van die mense." Die mens, wat sy eensaamheid nie kan verduur nie, skep vir homself 'n beeld van God en dit verhinder hom juis om werklik mens te wees: dit is 'n poging om sy eie verantwoordelikheid te ontduik en dit op God te plaas. Sartre se moraal is daarmee natuurlik 'n volkome menslike moraal: die mens is sy eie god.

Met Sartre bereik die Renaissance se klemverskuiwing van God na die mens sy logiese en uiterste konsekwensie.

\+ + + + +

Uit voorgaande kort skets van die wese en ontwikkeling van die eksistensie-filosofie, waarby die belangrikste gedagtes van slegs enkele verteenwoordigende figure in hooftrekke aangedui is, kan die volgende samevatting van hierdie moderne denkrigting abstraheer word.

(iv) <u>Algemene karakter van die Eksistensie-filosofie</u>. Hierdie filosofie is eerstens 'n <u>reaksiefilosofie</u> en staan antiteties teenoor die rasionalisme. Dit verwerp die rasionalistiese liefde vir abstraksie en spekulasie en eis inset met die daad. Dit stel: "Die mens is nie primêr 'n redelike wese nie ... Die rede help om van die konkrete lewe te vervreem en juis die konkrete liggaamlike situasie van die mens is van die uiterste belang ... Hierdie <u>riskante</u> denke, wat staan teenoor die <u>vryblywende</u> denke waarin die bestaan nie op die spel geplaas word nie, bied nie oplossings van probleme nie."[2] Die irrasionalistiese aard van die eksistensialisme onttroon die rede met sy leuse: Kennis is mag en om geken te word, is magteloosheid. In plaas van die rede is die eksistensie self hier 'n bron van onaantasbare mag en selfbeskikking. [3]

Die eksistensie-filosofie is tweedens 'n <u>krisisfilosofie</u> en volg op die ineenstorting van die rasionalistiese sekerheid en die skynbare ineenstorting van die Christendom. Die eksistensialisme gee uitdrukking aan die mens se gevoel van onveiligheid, defaitisme, wanhoop, angs en die sinneloosheid van die bestaan. [4] Dit vestig die aandag pertinent

---

1) Delfgaauw: Wat is Existentialisme? p. 103.
2) Degenaar, J.J.: Eksistensie en gestalte, p. 21.
3) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 165.
4) Ibid., p. 167.

daarop dat die werklikheid die mens se verstandelike bevattingsvermoë oortref.

Die eksistensie-filosofie is derdens 'n <u>reduksiefilosofie</u> in dié sin dat dit die synde op gewelddadige wyse simplifiseer: dit verwerp die openbaring van God en die Heilige Skrif en ontken elke moontlikheid van 'n goddelike wet. Daardeur besit die mens absolute vryheid en outonomie, 'n stelling wat uiteraard onhoudbaar is, aangesien een mens se outonomie nie die absolute vryheid van 'n ander kan beperk nie.

Dat hierdie wanhoopsfilosofie tans modefilosofie geword het, toon die diepte van die mens se verdwasing in die wêreld wat hy self help skep het. Dat dit die aandag so pertinent daarop vestig, is miskien die grootste waarde van die eksistensie-filosofie: dit signaleer die afgrondelike sinkgat wat in die pad van die Westerse kultuur ingeval het.

(v) <u>Die Eksistensie-filosofie opvoedkundig beoordeel</u>. Ten spyte van sy negativisme het die eksistensie-filosofie vanuit opvoedkundige oogpunt gesien enkele belangrike implikasies. [1)]

\- Die <u>antirasionalistiese</u> karakter daarvan help ongetwyfeld om die verheffing van die menslike rede, wat slegs 'n deel van die skepping is maar nogtans as wetgewer oor die geheel beskou is, reg te stel. Die eensydige intellektualisme het die opvoeding onberekenbare skade berokken en tot die vorming van die huidige gedetotaliseerde mensbeeld bygedra. Die eksistensialisme waarsku tereg teen 'n oormaat sisteem in opvoeding en onderwys en verwerp die beheptheid met eksakte meting.

\- Die eis om inset van die persoonlikheid is opvoedkundig waardevol aangesien die vroeëre neutrale denke 'n splytende uitwerking op die persoonlikheid gehad het.

\- Die eksistensialisme vestig die aandag daarop dat geestelike waardes en positiewe gesindhede nie deur sistematiese onderwys alleen oorgedra kan word nie: dit moet in groot persone gestalte kry. Deug moet nie net <u>geleer</u> word nie, maar moet ook <u>gelewe</u> word. [2)] Opvoedkundig gesien is dit 'n baie waardevolle gedagte, net soos die feit dat dit die mens in die volle totaliteit van sy konkrete bestaan sien. [3)]

Die eksistensie-filosofie, en veral die opvattinge van Sartre wat vandag, dikwels ten onregte, as die samevatting en hoogtepunt van hierdie

---

1) Spier: Calvinisme en Existentie-philosophie, p. 186.
2) Gunter: Opvoedingsfilosofieë, p. 269.
3) Meyer: Tussen iets en niks, p. 59. Vgl. Van Peursen: Riskante filosofie, p. 27.

denkrigting beskou word, toon egter ook aspekte wat vanuit opvoedkundige oogpunt bedenklik is. [1]

- Die opvatting van die absolute vryheid van die mens en die ontkenning van die bestaan van God bring logies die ontkenning mee van die bestaan van bo-menslike en dus algemeen-geldige sedelike waardes. Uiteraard reduseer dit die opvoeding tot blote aanpassingsmiddel.

- Liefde en die medemens as mede-méns het geen plek in Sartre se sisteem nie: hy weet net van selfhandhawing <u>teenoor</u> ander.

- Die eksistensialisme word verder gekenmerk deur die volslae gebrek aan 'n eenheidsvisie. Op die vraag na die sinvolle in die lewe kan dit slegs antwoord dat daar niks sinvols is nie.

- Die antropologie van die eksistensialisme se grootmeester Sartre teken 'n mens sonder God, sonder toekoms, gedoem tot die verwerkliking van sy moontlikhede met volslae vernietiging as enigste uiteindelike sekerheid. Potensieel is die eksistensialisme gepredisponeer tot selfvernietiging as antwoord op die absurditeit van die bestaan. [2] In wese is dit opvoedkundig steriel.

C. <u>Motivering</u>.

Met die voorgaande skets van die omstandighede en filosofiese beskouinge waaronder die hedendaagse kind sy weg na volwassenheid moet soek, kan hier volstaan word. Dit is 'n onveilige, doellose wêreld wat min besielende toekomsverwagtinge bied en uitsigloos in die absurditeit van die moderne bestaan vasgeval het.

Ook die Suid-Afrikaanse volk se lewensopvatting is reeds in gevaarlike mate deur eksistensialistiese opvattinge aangevreet. Dit blyk onder meer uit die tekening van die mens in sy konkreetheid en uitsigloosheid in die letterkunde, die neiging tot vormloosheid en wanstaltigheid in die beeldende kunste en die onverskilligheid teenoor die vreugde en leed van die medemens terwyl die diepe eensaamheid van die mens tewens uit die moderne danse spreek. [3] Veral die adolessente jeug is deur 'n gevoel van die futiliteit van die bestaan getref en ontwikkel in toenemende mate 'n negatiewe instelling teenoor die lewe.

Die opvoeder kan egter nie toelaat dat negatiewe beelde oorheers nie: die toekomsbeelde wat vandag gehuldig word, is immers die bouplanne vir

---

1) Vgl. Gunter: Opvoedingsfilosofieë, p. 273.
2) Polak: De toekomst is verleden tijd II, p. 147.
3) Vgl. Beets, N.: Volwassen worden, p. 211.

môre. In 'n tyd wat deur vertwyfeling en die krisis van sekerhede gekenmerk word, sal hy moet naspeur wat gedoen kan word om die uitwerking van die bestaande negatiewe milieu sover as moontlik te neutraliseer. Verder sal hy moet soek na positiewe toekomsbeelde om aan die kind die nodige steun te verleen waarsonder hy nie volwasse kan word nie. Die mens kan nie lewe, die kind kan nie as volwaardige mens opgroei as sy lewe nie 'n opeisende sin het nie.

Op organisatoriese en didaktiese gebied is die huidige samelewing voortreflik toegerus vir die onderwys en opvoeding. Nog nooit tevore was metodes van kennisoordrag so verfyn, was onderwysers so goed opgelei, was daar so 'n verskeidenheid hulpmiddels beskikbaar, is soveel aan onderwys bestee en was so 'n groot persentasie van die wêreld se kinders op skool nie. Die oordrag-apparaat staan gereed en wag net op die lewegewende vonk van die begrip van wat sinvol is.

Hierdie studie word onderneem in 'n poging om na te speur waarin die sinvolle bestaan het wat aan die Westerse kultuur sy aanvanklik onstuitbare stu-krag gegee het.

In die oortuiging dat die lewe as geheel en daarmee saam die gebeure sinvol is, wend die mens hom in krisistye tot die geskiedenis om met behulp daarvan 'n omvattende geheelbeeld te probeer opbou waarin hy die huidige omstandighede, probleme en tendense kan plaas. Die vrae wat die hede stel, bepaal die keuse van die geskiedkundige stof wat bestudeer sal word. 1) In hierdie studie is die uitgangspunt die krisis wat die Westerse beskawing tans op opvoedkundige gebied belewe. Vandaar sal dus teruggegryp word na die heroïese begin van die Westerse kultuur, daar sal gepoog word om die fondamente bloot te lê wat gelê is deur sy boumeesters: Hellas, Israel en die vroeë Christendom.

Vir hierdie doel sal nie in die eerste plek geskiedkundige gebeurtenisse of didaktiese besonderhede in aanmerking kom nie: die klem sal val op die antropologie wat in 'n besondere kultuur gegeld het, op die heersende mensbeeld van die tyd.

Uit die rekonstruksie daarvan sal dan die opvoedkundige implikasies afgelei en hulle waarde vir die huidige in oënskou geneem word.

---

1) Vgl. Aron: De zin der geschiedenis, p. 14-15.